HOOFSTUK 1

# 1. INLEIDING

## 1.1 PROBLEEMSTELLING

Studies van religie in al die terreine van die geesteswetenskappe kom noodgedwonge tot die gevolgtrekking dat die mens "ongeneeslik" religieus is. Dit word onder andere weerspieël in die geskiedenis; in oorloë; Freud en Jung se indringing in die mens se onderbewuste; Einstein se teorie van relatiwiteit, Heisenberg se Onsekerheidsbeginsel wat een vir een aantoon dat religie die fundamentele grondslag van die mens se bestaan vorm. Dit kan beskryf word as die inherente onwillekeurige kennis van die gans andere, die heilige, die goddelike teenwoordigheid, die bewuswording van 'n ander mag behalwe die self.

Voordat 'n studie oor die religieuse konsepte in die poësie aangepak kan word, moet daar helderheid oor die volgende sake verkry word:

- Is religie en godsdiens sinoniem?
- Watter verband bestaan daar tussen religie en godsdiens?
- Is afgodery 'n religie of godsdiens?
- Is geloof in 'n opperwese 'n voorvereiste vir godsdiens?

Tennyson (1975:10) toon aan dat religie 'n wyer, omvattender, begrip as godsdiens is, naamlik 'n verwysing na enige verband met die bonatuurlike. Godsdiens weer word gekenmerk deur 'n bepaalde

gedissiplineerde geloof en 'n patroon van aanbidding.

Van der Ent (1982:37) beskou die religieuse as meer omvattend as strenge godsdiens. Alle kwessies wat betrekking het op die misterie van die menslike bestaan, ressorteer onder religie en kom tot uiting in poësie wat as't ware vormgeworde sielservarings is. Dis die drang van die mens om bo homself uit te styg, op soek na 'n plek vanwaar hy homself en sy rol in die geheel kan bekyk. Hiertoe behoort ook die mens se besef van die transendente, van dit wat bo hom uitstyg, die antwoorde op die "wat" en die "hoe" daarvan word gesoek. 'n Mens sou van religie kon praat wanneer daar sprake is van die mens en die Geheel Andere, of wanneer daar 'n vermoede oor die rol van 'n hoër mag in die menslike bestaan is of, wanneer vrae oor die bestaan van die mens bly aangolf. As die emosies wat met 'n religieuse ervaring gepaard gaan, verwoord word, kan van religieuse poësie gepraat word, aldus Van der Ent.

Maar as die antwoorde oor die transendente vaslê, as die voorwerp van verering en die verhoudings omskryf is en die rites, sakramente, dogma en belydenis vasstaan, word van godsdiens gepraat. Wanneer emosies hieraan ontspring, word van godsdienstige poësie gepraat.

Wach (1951:18) meen dat religie uitreik na die ewige en verbonde en gebonde is aan die historiese situasie. Verder is religie vir hom die benaming van die som van die mens se aspirasies en die verskynsel is universeel (1951:31).

Roberts (1984:22) wys daarop dat volgens die Westerse opvattings

religie 'n soort geloof in 'n bonatuurlike wese is en geloof word deur die dogma van 'n kerk bepaal (met geloof word hier na wat Van der Ent as godsdiens sien, verwys). Hiervolgens word daar geglo dat die Boeddhis nie in bonatuurlike wesens glo nie; dat die Boeddhisme daarom nie 'n godsdiens is nie en dit eerder as 'n ervaring beskou moet word. Hy wys verder daarop dat die mense in Burma wat hulleself as Boeddhiste beskou, wel in bonatuurlike wesens glo. Alhoewel die Boeddhisme nie 'n opperwese aanbid nie, blyk daar tog uitsonderings te wees. Dit bring 'n mens voor die probleem te staan dat daar in die laasgenoemde geval van godsdiens gepraat moet word, en dat in die eersgenoemde geval na die Boeddhisme as religie verwys moet word. Brink (1979:8) laat hom soos volg uit oor die Zen-Boeddhisme:

> **Zen is nie 'n godsdiens, 'n filosofie of 'n psigologie nie, maar 'n omvattender ervaringswyse wat elemente van al drie insluit.**

Sommiges, soos Malinowski (1931:641), glo dat religie uit die lyding van die mens, en sy vrees vir die dood ontstaan. Religie is van boaardse of goddelike oorsprong, selfs die religie wat nie-Christelik georiënteerd is. Al glo die Zen-Boeddhis nie in 'n opperwese nie, en word dit hoofsaaklik as 'n selfverheerliking deur die Westerling beskou, het Boeddha, as grondlegger, ook 'n openbaring ervaar wat die grondslag vir die verdere religieuse belewing sou lê.

Alhoewel dit onmoontlik is om die ontstaan van religie vas te pen, is dit moontlik om vas te stel wanneer 'n godsdiens ontstaan

het. Die ontstaan gaan altyd gepaard met 'n godsopenbaring, 'n skeppingsmite wat die ontstaan van die mens en die wêreld aantoon en wat die verhouding van die mens tot die opperwese bepaal.

In hierdie opsig is die Zen-Boeddhisme 'n uitsondering omdat hier, soos hierbo aangedui, nie van 'n opperwese sprake is nie, ook nie van 'n skeppingsmite nie, maar eerder van 'n ewolusionistiese siening ten opsigte van die ontstaan van die wêreld.

In alle godsdienste is die gebed 'n baie noodsaaklike reaksie op die roeping van die mens. Dis die kommunikasie met die godheid, maar in die Zen-Boeddhisme word die gebed nie gebruik nie, maar wel meditasie. Tog is daar in die Brahmanisme en die Hindoeïsme, waaruit die Boeddhisme gegroei het, wel sprake van gode en aanbidding.

Alle godsdienste wat nie-Christelik is, word vanuit 'n Christelik-georiënteerde standpunt as afgodery bestempel, aangesien dit nie geloof in die "Waaragtige en Ewige God" is nie. So sal al die primitiewe godsdienste, behalwe die Judaïsme as afgodery bestempel word. Die vraag is of 'n mens dergelike afgodery as godsdiens of religie moet tipeer?

Die verskil tussen religie en godsdiens kan soos volg saamgevat word:

**Religie** is universeel, ewig en inherent in alle mense aanwesig. Dis 'n oorkoepelende term en selfs 'n erkenning van die mens se besef van die gans andere, die iets daar, die ewige. Dis die onbewuste soeke na die sin en die antwoorde van die

lewensvraagstukke, 'n uitreik na die ewigheid.

Sodra daar 'n doelbewuste soeke na die ewige, bonatuurlike volg, moet dit tot 'n ervaring lei. Hierdie soeke na en begeerte om met die ewige, goddelike te verenig, is godsdiens. Dit lei tot 'n doelgerigte soektog wat deur die bepaalde godsdiens se voorskrifte: dogma, rituele, gebede, en offerandes, bepaal word.

**Godsdiens** is die benaming van 'n bepaalde geloof, die dogma wat die verhouding tussen die mens en sy god bepaal. Die erkenning van die godsdienstige bewustheid: affektief sowel as kognitief, motiveer die individu se optrede. Hierdie verhouding bly bestaan as kommunikasie met die bron van die lewe en die mens is gedetermineerd om die voortgang van hierdie verhouding te verseker.

Geloof omvorm religie tot godsdiens. Hierdeur word 'n universele verskynsel ook hoogs individueel. Godsdiens is 'n mag waar die krag nie van die mens uitgaan nie, maar juis die mens se sterkte word. Alhoewel daar voorskrifte en dogmas vir elke godsdiens bestaan, is die godsdienstige ervaring 'n uiters private en eiesoortige belewing wat die uitdrukking in taal bemoeilik. Die mens is afhanklik van sy sintuie om 'n verskynsel te kan vertaal. Met die godsdienstige ervaring is dit juis die sintuie wat hom in die steek laat.

Deur op die verskille tussen religie en godsdiens te wys, word die verband daartussen ook aangetoon.

As afgodery nie as godsdiens beskou word nie, moet alle

primitiewe godsdienste ook as sodanig beskou word. Aangesien hier ook sprake van 'n bepaalde geloof is wat nagevolg word, sou dit as godsdiens geld. Daar is naamlik duidelike bewyse dat hier aan 'n bepaalde god, met sekere uitstaande kenmerke, en veral die vermoë om hulle lewens te beheers, geglo word.

As geloof in 'n opperwese 'n voorvereiste vir godsdiens is, wil dit lyk of die Zen-Boeddhisme nie 'n godsdiens is nie, maar soos dikwels beweer, en hierbo aangedui, 'n ervaring (in die religieuse sin) is. Soos reeds aangetoon, verskil die Boeddhisme op verskeie maniere van ander godsdienste. Wat dit wel gemeen het, is dat hier ook op 'n bepaalde openbaring gereageer is wat die toekomstige optrede van die individu ten opsigte van sy eie lewe en sy gemeenskapslewe bepaal; dit bied 'n oplossing ten opsigte van die lewensvraagstukke en gee aanleiding tot 'n aantal voorskrifte wat gevolg moet word om die einddoel te bereik. Ook hierin is die antwoorde op ellende en dood vervat. Dit is dus paradoksaal om in hierdie geval waar daar nie van 'n god sprake is nie, van 'n godsdiens te praat. Tog is die Zen-Boeddhisme meer as 'n filosofie en meer as bloot religie. Hier word aan 'n aantal vereistes wat kenmerkend van godsdiens is voldoen, maar nie in die sin van die Westerse en veral Christelike godsdienste nie. 'n Kenmerk wat dit veral met die Rooms-Katolieke godsdiens deel, is die nastrewe van die mistieke ervaring.

Die fokale punt van religie is abstrak, daarom lê die antwoorde in simbole, die toetsterrein van die mens se gereedheid om die koninkryk van sy god te dien. Die antwoorde lê in die simbole:

dit verklaar die sin van pyn en lyding in die mens se lewe; van boosheid, onregverdigheid; die verwerking van die dood en die lewe na die dood. Dit wil sê dit beïnvloed die betekenis van die lewe vir die mens, motiveer sy optrede, dui rigting aan, is verantwoordelik vir sy lewens- en wêreldbeskouing. Nieteenstaande die kollektiewe bewustheid van religie, is dit 'n hoogs individuele saak wat deur elke mens op sy eie persoonlike manier ervaar word. Religie impliseer 'n verwantskap en is een van die antwoorde op die verhouding tussen die "ek" en die "Ander". Volgens Brink (1985:36) is die mens:

> **Vasgekeer binne sy eie beperktheid, word hy uitgedwing tot volledige kommunikasie met die iets/ Iets of iemand/ Iemand buite hom: 'n selfvoltooiing wat in die eerste plek selfversaking verg.**

Religie is die soeke van die mens na 'n heling in die breuk met die godheid. Dit word aan die een kant 'n doelbewuste soeke na die godheid en aan die ander kant 'n wegskram, 'n vrees vir die onverklaarbare heiligheid en mag van die god. Terselfdertyd ervaar die mens dus 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag, maar ook 'n wegbeur van die godheid af; daarom is dit so moeilik om die verbreekte verhouding wat as gevolg van die sonde gekom het, te heel. Dit word 'n uitreik na die ewige, 'n antwoordreaksie op die "iets daar". Dit is ook die erkenning van die magte wat die mens nie kan beheer nie. Volgens Webb (1975:4) is religie 'n ervaring van die Heilige: dis deels 'n emosionele (gemoeds-) ervaring en deels 'n intellektuele konsep; dis fundamenteel, ouer as teologie wat ontstaan as gevolg van die besef van die heilige,

byvoorbeeld rituele.

Wach (1951:32) beweer dat 'n religieuse ervaring die intensste belewenis is waartoe die mens in staat is en dat dit daarom lei tot 'n prakties imperatiewe betrokkenheid wat die mens dwing om op te tree. Die religieuse ervaring soek dus uitdrukking: hierdie universele (maar hoogs persoonlike ervaring) moet bekend gemaak word, alhoewel dit 'n subjektiewe ervaring is wat moeilik verwoordbaar is, moet dit met ander gedeel word. Die probleem wat hieruit voortspruit, is dat die onsêbare uitdrukking moet kry.

Simboolgebruik speel 'n belangrike rol in die weergawe van die ervaring. Elke godsdiens het bepaalde simbole wat kenmerkend is, byvoorbeeld die kruis en die vis by die Christendom, en die wiel en lotus by die Boeddhisme. Ander simbole is universeel by alle godsdienste, byvoorbeeld: son, alle paradigmas van lig, water, bome, sekere kleure soos bruin, wit, geel, ens. Die mite speel ook 'n belangrike rol in díe verband, want dit is die eerste vorm van die intellektuele verwerking van die religieuse belewenisse. Die mite vra die vrae: waar kom ons vandaan? waarom is ons hier en waarheen is ons op pad?

Dis opmerklik dat al die oudste geskrifte wat behoue gebly het, religieus van aard is, en dat hulle primêr nie vanweë hulle letterkundige gehalte ontstaan of behoue gebly het nie, maar as gevolg van die behoefte van die mens om uitdrukking te gee aan sy religieuse ervarings. Dit dien ook as riglyne vir die individu sowel as die samelewing waarin dit ontstaan het. Hier kan na die volgende geskrifte verwys word: die Ou Testament, die Bhagavad

Gita, die Eddas en die mites van die Grieke en Noormanne. In elkeen van hierdie geskrifte word die kern van hierdie beskawings se menswees saamgevat: hulle lewe en sterwe. Hoe uiteenlopend die religieuse konsepte mag wees, is daar sekere universele eienskappe teenwoordig, waaraan in hoofstuk twee aandag gegee sal word.

Om die begrip religie in 'n definisie vas te pen, is daarom ook byna 'n saak van onmoontlikheid, hoewel 'n poging daartoe wel in hoofstuk twee aangewend word. Die definisie het deur die loop van die eeue etlike veranderings ondergaan om onbekende verskynsels in te sluit en dele van die definisie uit te sluit, as gevolg van veralgemening gebaseer op 'n te klein kennismaking met nuwe vorme en analogieë. Kennismaking met Boeddhisme en Confucianisme toon aan dat teïsme soos deur die Weste ervaar, nie universeel is nie.

Omdat hierdie studie hom wil toelê op die benutting van die religieuse konsepte in die **poësie**, sal dit uiteraard verskil van 'n ander studieveld, byvoorbeeld in die sielkunde, of die geskiedenis, of selfs dit wat in die filosofiese benadering gebruik word. Nadat vasgestel is wat onder religie verstaan word, die eienskappe, deur verskeie uiteenlopende studies daaraan toegedig, sal dit veral die herkenning, benutting en doel van die verskillende godsdienste se eienskappe in die poësie wees wat die aandag sal verg.

Met hierdie studie word daarvan uitgegaan dat die religieuse implisiet in die poësie van alle digters teenwoordig is, maar dat alle digters nie noodwendig godsdienstige digters is nie. Religie

word by sommige eerder gelykgestel aan ideologie.

Dit is dus nodig om duidelik tussen religie en godsdiens te onderskei. Wanneer Bybelse verwysings in die literatuur voorkom, kan 'n mens nie sonder meer aanvaar dat dit Christelik-godsdienstige poësie is nie. Die digter mag ander redes vir die gebruik van die verwysings hê as godsdienstig. Alhoewel "Onse milde God" van Breyten Breytenbach 'n duidelike verband (dit is al 'n parodie op die "Onse Vader" genoem) met die "Onse Vader" toon, verkondig dit eintlik anti-godsdiens met verweefdheid van 'n Christelike gegewe in 'n Boeddhistiese milieu.

Dieselfde kan van die werk van Sheila Cussons gesê word. Sy is ook 'n godsdienstige digter, maar teenstellend met die Afrikaanse poësietradisie. Sy is die eerste digter wat in Afrikaans teen die agtergrond van die Rooms-Katolieke tradisie dig. Die hantering van die mistieke belewing van die mens in sy eenwording met God, val veral binne die sfeer van die Rooms-Katolieke kerk se godsdienstige tradisie.

Die poësie van P.W. Buys, soos dié van Totius en W.E.G. Louw, poneer 'n kenbare godsdiens, naamlik die Calvinisme. Alhoewel dit nie tipies van die Calvinisme is nie, is daar ook 'n duidelike mistieke belewing in Buys se poësie herkenbaar, dog anders as by Cussons.

Omdat die lewensbeskouing van die mens 'n integrale deel van sy omgaan met die werklikheid is, is dit vir die Christengelowige van groot belang om uit sy beginsels en geloofsgrondslag die omwêreld te deurgrond.

Dit is dus onvermydelik dat die religieuse beskouing van elke digter in sy poësie neerslag sal vind. Die leser moet kennis neem van die digter se lewens- en wêreldbeskouing om sodoende die korrekte en optimale lees van die poësie na te streef. Breytenbach se Calvinistiese opvoeding blyk duidelik uit die beeldgebruik in sy oeuvre, maar sy werk kan nie omdat dit Bybelse gegewe bevat, as Christelike poësie bestempel word nie. Die bekende gegewe word aangewend om die verband tussen die bekende en die onbekende duidelik te illustreer, of is dit dalk juis om die Afrikaans-Calvinistiese leser te antagoniseer?

## 1.2 OORSIG VAN VORIGE NAVORSING

Alhoewel daar al heelwat navorsing oor die poësie van Breyten Breytenbach en Sheila Cussons onderneem is, is daar nog niks oor P.W. Buys aangedurf nie.

In die studies ten opsigte van Breytenbach is daar heelwat poëtikale ondersoeke gedoen, maar dit is veral Jeanette Ferreira (1987) wat in haar proefskrif die aspekte van die Judaïes-Christelike en die Boeddhistiese aspekte deurgrond. H.L. Stander (1974) verken die surrealisme en Zen-Boeddhisme in 'n verhandeling. A.D. Strydom (1986) skenk baie aandag aan die Boeddhisme in haar studie oor die voornaamwoord as bindingsmiddel in Lotus. Fanie Olivier (1985) ondersoek die mistiek in die Afrikaanse poësie waarin Breytenbach en die Boeddhisme ook aan die orde kom.

Wat Sheila Cussons betref, is daar heelwat aandag aan die

verskynsel van vuur en mistiek in haar poësie gegee: D.W. de Villiers (1982) ondersoek vuur by Sheila Cussons; J.E. Pretorius (1982) ondersoek Plektrum, Die swart kombuis en Verf en vlam ten opsigte van enkele aspekte van haar religieuse gedigte; M. Matthee beskou die godsdienstige perspektiewe in Die woedende brood en Verwikkelde lyn; J.H. de Villiers (1985) ondersoek die natuur en bonatuur en Fanie Olivier (1985) ondersoek haar poësie ten opsigte van die mistiek.

Breyten Breytenbach as die eerste Afrikaanse digter wat in die Boeddhistiese idioom dig, en Sheila Cussons is die eerste digter waarin die Rooms-Katolieke eienskappe kenbaar in haar werk voorkom. Albei die eienskappe is vreemd aan die sterk Calvinistiese inslag van die Afrikaner. Daarom is dit nie alleen vreemd aan die leser nie, maar is 'n bepaalde weerstand ook te wagte. Die studie wil hom nie toelê op die leserpersepsie nie, maar veral 'n verkenning van die agtergrond waarteen die poësie vorm kry, sodat die nodige kennis verkry kan word om die gegewe tekstueel te kan benut.

## 1.3 AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

In die verkenning en identifisering van religieuse konsepte in die poësie, word die terrein beperk tot die oeuvres van Breyten Breytenbach, Sheila Cussons en P.W. Buys, elkeen verteenwoordigend van 'n bepaalde religieuse uitgangspunt. Alhoewel Buys se poëtiese vermoëns nie saam met die ander twee digters geklassifiseer sou word nie, is hy gekies om die Calvinistiese godsdiens te verteenwoordig. Die doel is om die

religieuse tendens by elkeen te ontsluit. Die toepassing sal slegs aan die hand van enkele gedigte geïllustreer word om sodoende uiteindelik te bewys dat religie so 'n belangrike grondslag vorm dat dit in poësie (as uiting van die kunstenaar) uiteindelik nie te skei is nie.

Die ondersoek na die manifestasie van die Zen-Boeddhisme, asook die verskynsel van die Christelike gegewe in die werk van Breytenbach word beperk tot sy bundel Lotus (1981). By Sheila Cussons sal gekonsentreer word op die gedigte met 'n duidelike Rooms-Katolieke gegewe asook etlike van die gedigte waarin die mistieke ervaring gemanifesteer word. Haar oeuvre sal dus as keuseterrein dien. Die twee bundels van P.W. Buys, naamlik: Pleroma (1977) en Wit korbeel (1987) sal albei ondersoek word om die Calvinistiese inslag van hierdie poësie te illustreer.

**1.4 METODOLOGIE**

Nadat 'n rekenaarsoektog die navorsing wat by die RGN geregistreer is, beskikbaar gestel het, kon die keuse van 'n onderwerp bepaal word.

'n Fundamentele studie oor religie en die mens se religieuse ervarings word gemaak om vas te stel watter rol dit in die mens se aard, sy motivering, sy optrede, lewensuitkyk, toekomsverwagting en sy verwoording daarvan speel.

Hierna word die volgende godsdienste van naderby beskou, naamlik:

die Calvinisme

en die Rooms-Katolisisme.

Die Zen-Boeddhisme kry daarna aandag.

Die rol en doel van die aanwending van Bybelse gegewens sal ook aandag geniet.

'n Keuse uit die oeuvres van die betrokke digters van gedigte met 'n duidelike godsdienstige verwysings sal in die toegepaste studie gebruik word.

'n Vergelyking van die verskillende benuttingswyses ten opsigte van die verskillende godsdienstige verwysings sal daarna getref word.

## 1.5 VERLOOPSPLAN

In hoofstuk 2 sal die onderskeidende kenmerke van religie en godsdiens (p.16 - 39) ondersoek word en aangetoon word watter rol dit in die siening van lewe en dood (p.26), sonde (p.29) en redding uit die mens se ellende speel. Daarna sal die kenmerke van die taalaanwending in die religieuse poësie aan bod kom (p.32 - 39). Die teologiese motiewe in die Christelike godsdienste, naamlik die Calvinisme en die Rooms-Katolisisme word daarna ondersoek (p.41 - 58). Die Boeddhisme: Tantriese en Zen-Boeddhisme, die leerstellings asook beoefening daarvan kom daarna aan die beurt (p.59 - 75).

Die religieuse konsepte in die poësie van Sheila Cussons word in hoofstuk 3 ondersoek. Hierin word veral gelet op die invloed en aanwending van die Christelike godsdiens en wel in die Rooms-

Katolieke tradisie in haar poësie.

P.W. Buys se poësie as verteenwoordigend van die Calvinistiese godsdiens, word in hoofstuk 4 ondersoek.

Hoofstuk 5 word gewy aan die poësie van Breyten Breytenbach. Hierin word veral gelet op die konsepte ten opsigte van die Tantriese en die Zen-Boeddhisme soos dit neerslag vind in dié digter se digkuns.

Die religieuse konsepte in die poësie van die drie digters word in hoofstuk 6 vergelyk. Met die vergelyking sal gepoog word om aan te toon dat alhoewel daar vanuit totaal verskillende religieuse uitgangspunte opgetree word, daar nogtans merkwaardige ooreenkomste ten opsigte van bepaalde religieuse konsepte in hierdie poësie bestaan.

HOOFSTUK 2

## 2.1 ALGEMENE KENMERKE VAN RELIGIE EN GODSDIENS

By die benadering en beoordeling van die tersaaklike literêre artefakte, in die besonder dié van religieus-gerigte digters soos wat hier bespreek word, blyk dat kennis van die godsdienste en die religieuse bepaaldheid van 'n besondere kunstenaar noodsaaklik is om die optimum by die teksbegrip na te streef. Eliot (1975:21) beklemtoon dat die soort kennis onontbeerlik is:

> Literary criticism should be completed by criticism from a definite ethical and theological standpoint. In so far as in any age there is common agreement on ethical and theological matter, so far can literary criticism be substantive. In ages like our own, in which there is no such common agreement, it is the more necessary for Christian readers to scrutinize their reading, especially of works of imagination, with explicit ethical and theological standards. The "greatness" of literature cannot be determined solely by literary standards; (my onderstreping.)

Soos reeds aangedui, word in hierdie studie toegespits op dié besondere intertekste en kontekste van religieus-gerigte gedigte van die digters. Indien 'n leser dus nie op hoogte van sodanige intertekste en konteks in 'n gedigteks is nie, kan hy as gevolg daarvan verse mislees.

In hierdie hoofstuk word na religie in die wydste sin verwys, naamlik:

- na die band met 'n bonatuurlikheid;

- na die gedissiplineerde geloof (wat godsdiens impliseer) en
- 'n patroon van aanbidding wat saambind in 'n bepaalde manier van optrede.

In hoofstuk een is die breë onderskeid tussen religie en godsdiens reeds getref. Hier word die onderskeidende kenmerke van religie en godsdiens van nader beskou.

Duvenage (1983:12) toon aan dat die mens se lewensbeskouing 'n samevatting van sy diepste oortuiging aangaande God, die mens en die wêreld is. Religie en godsdiens word, aldus Duvenage, soos volg onderskei:

> **Onder religie word 'n onderskeid van godsdiens, die diens van God of 'n afgod in die omvattendste sin verstaan. Godsdiens is daarvan veral die kultiese kant en kom tot openbaring in gebed, erediens, psalmgesang en offers.**

Van der Elst (1990:236) onderskei soos volg tussen religie en godsdiens en maak van 'n derde term, naamlik evangelie, gebruik. Hiervolgens is godsdiens "godvrugtig, gedienstig aan God of vroom". Evangeliserend word as sinoniem met godsdiens beskou, met die verskil dat dit ten doel het om te bekeer en die boodskap van die verlossende genade van Christus se kruisdood daardeur te verkondig. Religie, as omvattender term, sluit die terme godsdiens en evangelie in. Dit hou verband met die mens se bewustheid van 'n ander werklikheid en die soeke daarna.

De Waal Malefijt (1969:1 - 14) onderskei die volgende kenmerke van godsdiens, naamlik:

* Dis 'n kenmerk van elke beskawing en vind uitdrukking in die

kultuur, menslike optrede, en die morele en etiese waardesisteem.

* Dit vorm 'n integrale deel van die gesinsorganisasie, die wette en politiek, wetenskap, filosofie en kunste.
* Dit bestaan uit sistematiese patrone van geloof, waardes en gedrag, deur die mens verkry as lid van die samelewing waarin hy leef.
* Dit ontstaan dus by die mens as deel van sy gemeenskap deur doelbewuste instruksie en deels deur nabootsing. Indien botsende situasies nie ervaar word nie, word hierdie beginsels nie bevraagteken nie.
* Die verhouding mens-mens en mens-bonatuurlike word hierdeur bepaal.
* Dit hou verband met die besef van die goddelike heiligheid wat verantwoordelik is vir voorskrifte, taboes, en 'n bepaalde gedrag veronderstel.
* Dit hou verband met gode en die goeie, maar die bose word nie uitgesluit nie.
* Versoeke (gebede) is 'n alledaagse verskynsel, maar gewy aan die bonatuurlike, is dit kenmerkend van godsdiens.
* Dit word gekenmerk deur rituele, byvoorbeeld: danse, sang, bepaalde seremonies, ens.
* Sisteme van geloof en optrede is in alle beskawings bekend:

  The universality or near-universitality of religion suggests that it corresponds to important social and individual needs. It supplies answers to otherwise unanswerable questions , it reinforces social values by divine sanctions;

**it provides hope and consolation.** (1969:11.)

* Die geloof bepaal die mens se optrede in alle opsigte:
  **Religious behavior verifies religious belief.** (1969:11.)

Herbert van Cherbury (1937:27) beskou die volgende as onweerlegbare beginsels van godsdiens:

* Daar is een oppermagtige wese (of 'n oorheersende god).
* Hierdie wese moet aanbid word.
* Goeie werke, vroomheid, piëteit, of die vooruitsig op 'n beter lewe, is die einddoel van die aanbidding.
* 'n Beter lewe moet voorafgegaan word deur skuldbelydenis.
* Die heilige godheid beloon en straf in hierdie lewe en hierna in ooreenstemming met die mens se optrede in hierdie lewe.

Whitehead (1926:16) reken dat godsdiens dít is wat die individu in sy alleenwees beoefen, soos Prometheus op sy rots, Boeddha onder die boom, Mohammed in die woestyn en Christus aan die kruis.

Berdyaev (1938:91) sluit hierby aan met sy mening dat godsdiens 'n verwantskap impliseer wat ten doel het om die eensaamheid te oorwin. Dit is 'n poging om die mens uit sy afsondering/ afsluiting te verlos, om gemeensaamheid en 'n intieme saamwees te bewerkstellig.

Oates (1974:28) meen dat die mitologie en die religieë van die mens hom in staat stel om die onbekende, die ongekaarte streke te hanteer. As hy in hierdie gebiede beweeg, vertrou hy op intuïsie, hoop, moed, geloof, avontuur. Sy geloof lei hom wanneer sy kennis te kort skiet. Geloof vorm die brug in die hiate van die mens se

kennis. Daarom het baie kennis soms 'n afname in die behoefte aan godsdiens tot gevolg. Aan die ander kant laat vrees die religieuse gevoelens toeneem.

Geertz (1966:1 - 46) verbind die verskynsel religie met die volgende faktore:

* Die mens se soeke na verklarings vir die dinge wat hy nie kan verstaan nie, want die mens het 'n afsku aan die dinge wat vir hom onverklaarbaar is. Die lewe moet vir hom/haar sin maak.

* Die betekenis van pyn, lyding en ellende moet hierdeur aangetoon kan word. So kan die dood van 'n geliefde verklaar word met: daar was 'n doel daarvoor, of: God toets sy kinders. Hoe 'n mens smart verduur, is 'n teken van jou geloof.

* Boosheid, sonde en morele onreg wil die feit van 'n morele orde weerlê. Daarom moet die gelowige dikwels verklaar waarom dit met die goddelose beter gaan. Deur middel van die religieuse simboolstelsel kan die mens die paradoksale bewys: die lewe is sinvol; lyding is draaglik en geregtigheid is nie net 'n lugspieëling nie.

Malinowski (1931:641) onderskryf ook die siening dat religie nie soseer ontstaan uit spekulasie, nadenke, illusie of misverstand nie, maar eerder as gevolg van die ware tragedies in die menslike bestaan; uit die konflik tussen sy beplanning en wat in werklikheid gebeur. Wanneer jou lewe buite beheer raak, laat religie jou voel dat daar wel nog beheer is, sodat jy die

daarmee gepaardgaande angs en verwardheid kan hanteer, aldus Malinowski.

Selfbeskerming en -behoud is volgens Walpola Rahula (1978:51) diep gewortel in die menslike wese en die oorsaak van die mens se godsdiens. Ter wille van selfbeskerming, veiligheid en sekuriteit wil die mens 'n god hê van wie hy afhanklik is soos 'n kind van sy ouers. Die idee van die ewige siel wat na die dood bly bestaan, voldoen verder aan die behoefte.

Die Boeddhistiese leerstellings ondersteun nie hierdie "onkunde", swakheid, begeerte en vrees nie, maar poog om die mens verligting te laat beleef deur hierdie eienskappe totaal uit te roei.

Omdat daar in hierdie lewe geen rus of vrede is nie, meen Enomiya-Lassalle (1967:55):

> **Strong religious faith helps to keep man and his spirit together, despite all disquieting forces. Should man lack a strong faith, then he can not have a strong hold on his inner self. Spiritually he will be like a rudderless fishing boat tossed about by mountainous seas.**

Roberts (1966:55 - 61) onderskei die volgende hoedanighede van 'n bepaalde godsdiens in 'n gemeenskap:

* Dit gee betekenis aan die lewe; voorsien in die basiese behoeftes van die mens, soos: 'n lewens- en wêreldbeskouing. Hierdeur kan die menslike lyding, onreg en dood betekenisvol gesien word. Sodra dit betekenis verkry, kan dit verduur

word.

* Dit beïnvloed denkrigtings, maar word selde op 'n logiese element alleen gebaseer. Filosofieë kan tot 'n kosmiese wêreldbeskouing lei, maar dit spreek nie tot die mens se emosie soos religie nie.

* Deur rituele en simbole word beide die affektiewe en kognitiewe dimensies van religie gekommunikeer.

* Godsdienstige rites kondig soms die begin van 'n nuwe of veranderde lewensfase aan. Die doop dui oorspronklik op bekering en die aflegging van belydenis, huwelik en begrafnisse.

* Godsdiens vorm 'n sterk band tussen geloofsgenote.

* Die streng liturgiese seremonies en die kerklike voorskrifte word dikwels vooropgestel sodat dit sorg vir stabiliteit en sakralisering van norme en waardes van 'n gemeenskap.

* Godsdiens dra baie by tot die geldende norme en taboes in elke samelewing. Dit is byvoorbeeld die grondslag vir die kaste-indelings in Indië, en rassistiese optrede (vergelyk die benaming kaffer (heiden) in Suid-Afrika).

* Norme waarby die samelewing baat, word deur godsdiens gevestig en dit skep 'n klimaat van morele verpligting. Wanneer die reëls oortree word, kry ander meer mag of status in die sisteem. Die skuldgevoelens kan herstel word deur middel van boetedoening of skuldbelydenis, wat opgevolg word

deur 'n reinigingsmetode.

* Godsdiens kan die motivering en instrument vir verandering wees: dis die funksie van die Ou-Testamentiese profete; die Reformasie; die filantrope se rol in die vrystelling van die slawe; Martin Luther King se optrede; (vergelyk ook die Kairosdokument en die rol wat die kerke in die verband in Suid-Afrika speel).

* Moraliteit word dikwels as 'n faset van godsdiens gesien, omdat dit die optrede teenoor jou naaste bepaal, wat weer direk verband hou met die optrede teenoor God.

* Gebed en etiek word as die binne- en buitekant van dieselfde saak beskou, want wat jy bid, moet ook deur die optrede weerspieël word.

Trevor Ling (1968:xviii) meen ook dat dít wat betekenis aan die mens se lewe gee, sy godsdiens is. Hy maak egter 'n onderskeid tussen die Christelike en nie-Christelike godsdienste en wys op die interrelasie tussen die grootste religieuse denkrigtings en die diffusie van religieuse idees en temas. So het Islam wat Ooswaarts uitgebrei het, die afname en verval van Boeddhisme in Indië aangehelp, maar is self ook in die proses aangetas (1986:xiv). In Ceylon was dit die Christelike invloed wat die Boeddhisme laat verstewig het in reaksie teen die godsdiens van die oorheersers.

Daar is in hoofsaak drie hooftipes godsdienste waarvan daar 'n verteenwoordiger elk in die moderne wêreld is:

Islam is 'n eenvoudige transendentalisme, 'n logiese geloof in die Een, onverdeelde God wat almagtig is; wat alles geskape het en onderhou en oor alles regeer, sodat alles volgens sy wil sal geskied. Hy word op geen manier deur die mens beïnvloed nie en wanneer dit Hom behaag, sal hy die mens of die wêreld tot 'n einde bring.

Met Boeddhisme het die mens die einddoel voor oë om tot "ontwaking" te kom. Met behulp van die beoefening van Za-sen word daarna gestreef om die nulpunt te bereik wanneer die self eenheid met die kosmiese bereik. In daardie oomblik van kosmiese eenwording word die ewigheid ervaar, want nóú is ewigheid. Derdens is daar die Messiaanse dogma wat op Jesus van Nasaret fokus. Soos Christus uit die dood opgestaan het, moet 'n nuwe humaniteit ontstaan. Daar is 'n mag (die Heilige Gees) aan die werk wat hierdie nuwe mens voortbring, en voorberei op die wederkoms.

Ling (1986:73) toon aan dat die hoogste doel van religie deur omstandighede verander kan word. Die doel is gewoonlik die vereniging met God, maar in die vroeë Hebreeuse geskiedenis was dit om God te ken.

Nog 'n algemene doel van die religieuse beoefening is die hoop op 'n lang lewe, en 'n vroeë of skielike dood word as 'n straf van die goddelike mag of die bose beskou. God word beskou as goed: hy het omgegee en Israel versorg. Hoe meer die klem op die goedheid van God val, hoe groter word die probleem van die mens se werklike ondervinding van boosheid en lyding en kom die

neiging om die oorsprong van die sonde elders as in die direkte wil van God te soek. Goeie gedrag hou volgens die Wet van God sy eie beloning in: 'n lang lewe. Die gehoorsame mens word reeds in hierdie lewe beloon en die bose gestraf, vergelyk byvoorbeeld vir Daniël wat getrou was tot die dood. Die Seun van die Mens kom tot die mens se redding. In die Ou Testament word die belofte van redding dikwels herhaal. Abraham, Isak en Jakob dien as voorbeelde van die herhaalde belofte van God. Dawid, wat in sy sondigheid uitgebeeld word, Josef wat weggevoer word en selfs Rut, 'n heidense vrou, word voorbeelde van God se reddende genade, aldus Ling.

Die behoefte aan die godheid word sterk gereflekteer in die beoefening van die mistiek, waarin gestreef word om eenwording met God te bewerkstellig. In die Bybel word God wel gehoor, maar nooit gesien nie. Selfs Moses wat direk met God kommunikeer, ontmoet Hom in die brandende bos of in 'n wolkmassa. Elia ervaar God in die stilte, maar sien Hom nie. Jakob worstel met God gedurende die nag. Vir die mens wat die meeste van sy waarnemings met behulp van die gesigsintuig waarneem, is dit 'n behoefte om so met God kennis te maak. Hierdie breuk het met die sondeval ontstaan. Die mens se ondergang het met sy onderskeiding van goed en kwaad gekom en dit gee enersyds aanleiding tot verset en andersyds die behoefte om die breuk te heel. Deur vereniging met God kan die mens die goddelike beeld wat hy verloor het, terugvind.

Olivier (1985:21) toon aan dat die mistiek spesifiek 'n oor-koepelende religieuse fenomeen is. Op geen ander terrein beweeg

die godsdienste van die wêreld so na aan mekaar nie, en ondersoekers van die uiteenlopende mistieke tradisies wys graag op die ooreenkomste wat bestaan.

Enomiya-Lassalle (1967:80) sluit hierby aan wanneer hy aantoon dat die mens in Zen sonder God begin en in die rigting van moraliteit en volmaaktheid beweeg, maar dan by God uitkom. Hoe meer 'n mens na perfeksie strewe, hoe duideliker kristalliseer die geloof in God en so word verligting 'n direkte weg na God en sy liefde. Hy toon aan dat dit juis die Christene is wat zasen onder die leiding van die Zen-meesters kom beoefen en dit hulle tot baie ryker godsdiensbelewing lei. Thomas Merton was juis in die Ooste om self 'n lesing te lewer oor die mistiek en die verband tussen die Oosterse (Boeddhistiese) en Westerse mistiek te ondersoek.

### 2.1.1 LEWE EN DOOD

Religie is 'n lewensbeskouing van die mens waardeur hy sy tydelikheid en die onafwendbare dood kan verwerk, want dit hou slegs 'n bedreiging vir lewende wesens in. Volgens Duvenage (1983:13) is 'n lewensbeskouing omvattend:

> **Dit hang saam met die integrale karakter van die religie, maar ook met die feit dat die mens 'n eenheidswese is sodat dit nie moontlik is om sy religieuse verbondenheid te isoleer nie.**

Die dood word nie beskou as 'n einde nie, maar 'n voortgang, dog dit is 'n bestemming waarvandaan geen reisiger terugkeer nie. In

die Bybel is daar 'n duidelike kringloop van geboorte en dood aanwesig. In die Reformatoriese denke is dood 'n voorwaarde vir nuwe lewe. So moet die koringkorrel eers sterf voordat nuwe lewe kan voortkom. Die ou mens moet sterf voordat wedergeboorte moontlik is. Christus se dood aan die kruis lei tot redding en lewe vir die mens maar ook tot wederopstanding. Alles keer dus na die dood terug as nuwe lewe. In die natuur is daar nie 'n begin en 'n einde nie, maar 'n voortdurende kringloop. Die geboorte van die mens word ook nie as 'n begin gesien nie, maar eerder as 'n opwek uit die slaap. Een wêreld verdwyn en 'n ander word betree. Dieselfde gebeur met die dood, weer eens 'n geboorte in 'n nuwe gedaante en nuwe wêreld.

Die Bybel impliseer duidelik 'n begin: "In die begin het God die hemel en aarde geskep" (Gen.1), en 'n einde. Laasgenoemde het met God se oordeel te doen wat 'n einde sal maak aan die tydverkwistende aktiwiteite soos oorlog, misdaad en onheile van hierdie wêreld (Openbaring 22:10, en 13):

> **Verder sê hy vir my: "Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby...**
>
> **Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.**

Hierdie bekende lewe van die lewendes sal ook vernuut word soos die omgewing en die hele manier van lewe.

Die dood (van die oue mens, die sondige) is 'n duidelike voorwaarde vir die nuwe lewe. Ook die Boeddhis glo dat die mens alleen maar 'n gedagtestroom is. Wanneer hy tot die waarheid kom,

besef hy dat die mens alleen en tydelik in sy bestaan is. Hy is bewus van die bestaan van 'n dieper realiteit, en enige mens wat die realiteit nie in hierdie lewe ervaar het nie sal, volgens Appleton (1961:86), in een van die volgende lewens daarin slaag. Na die dood word dadelik op die Karmiese vlak begin wat in die lewe verwerf is.

### 2.1.2 DIE SIEL

Volgens die Christelike godsdiens het elke godgeskapene 'n individuele siel wat na die dood na Hom sal terugkeer waar dit ewig sal lewe of verdoem word tot die hel, afhangende van God se oordeel.

Ander godsdienste, soos die Brahmanisme, glo dat die siel deur baie lewens beweeg totdat dit in 'n volmaakte toestand met sy god, Brahman verenig word. Hier is die siel die innerlike van die mens: sy gedagtes, gevoelens en ervaringsveld asook die besef van loon of straf.

Volgens Rahula (1978:51) is Boeddhisme uniek in die ontkenning van die siel, die self of Atman. Hiervolgens is die idee van die ego 'n denkbeeldige of valse konsep sonder enige korresponderende realiteit. Dit produseer skadelike gedagtes van selfsugtige begeertes, gehegtheid aan voorwerpe of die lewe, haat, trots, egoïsme en ander onsuiwerhede en probleme. Dit is die bron van alle probleme: persoonlik sowel as universeel. In hierdie vals konsep van die ego/self/siel, kan al die boosheid van die wêreld gesoek word.

### 2.1.3 SONDE

Boosheid, sonde is bekend onder verskillende name, byvoorbeeld: Azazel, Belial, Satan, en by die Boeddhisme as Mara. Vroeg in die Hebreeuse geskiedenis ontstaan naas Jahweh as algehele heerser, ook 'n geloof in bose magte wat verantwoordelik is vir die slegte dinge in die mens se lewe. Dit verklaar die boosheid en die sondige aard van die mens sonder om dit aan God toe te skryf. Die mens hoef dus nie self verantwoordelik te wees vir die slegte wat hom toeval nie want dis 'n kollektiewe bose mag van buite.

Sonde is nie 'n universele eienskap van religie nie, maar word veral deur die Hebreeuse wette bepaal. Dit was nie van belang in die antieke Sjinese of Japannese godsdienste nie.

Karma is die leer van oorsaak en gevolg in die Boeddhisme. Hierdeur word aangetoon dat alles wat met die mens gebeur, sy verdiende loon is. As iets aangenaams wat hom gelukkig maak hom toeval, is dit omdat dit wat gedoen is, reg was. Wanneer iets skadeliks of ongelukkigs gebeur, is dit omdat die Karma die foute wat begaan is, uitwys. Die Karma is altyd regverdig en straf of beloon nie, is nooit kwaad nie maar is bloot die wet van oorsaak en gevolg.

### 2.1.4 GEBED

'n Eienskap wat alle godsdienste gemeen het, is hulle (heilige) plekke van aanbidding, hetsy sinagoges, kerke, moskees of pagodas. Dit word dikwels oor relikwieë opgerig. By die Boeddhis

is die monnike verantwoordelik vir die relikwieë en die leke vir die pagoda. Dit is die sentrum vir die beoefening van die geloof.

Gebed is 'n verdere universele eienskap van die religieuse. Gebed is die verbale, en rituele optrede is die nie-verbale kommunikasie met die bonatuurlike. Selfs die gebed word gekenmerk deur geritualiseerde gebare of houdings en word hardop of in stilte aangebied. Rituele word egter selde in stilte uitgevoer. Sowel gebed as rites betrek die bonatuurlike in die mens se lewe en terselfdertyd erken die mens sy geloof in en die bestaan van die godheid en sy mag. Die mens verwag dat die godheid sal reageer op die inligting/versoek wat deur die gebed oorgedra word, en dat die god sy planne, gedrag en oordele dienooreenkomstig sal verander.

Die doel en inhoud van gebede verskil. In die Rooms-Katolieke kerk is daar byvoorbeeld die verpligte gebed wat deel van die boetedoening vorm, vergelyk byvoorbeeld die rosekrans. In die bediening van die sakramente (sowel by die Rooms-Katolieke as die Protestantse kerke) is daar voorgeskrewe (formulier-) gebede, so ook die "Onse Vader" wat as voorbeeldgebed aan die dissipels gegee is. Gebede kan individueel of kommunieel aangebied word.

Alhoewel offers en gebede nie deel van Boeddha se voorskrifte is nie, word daar van almal verwag om elke dag die "Drie Juwele" te bid, naamlik:

> Ek gaan vir redding na die Boeddha.
> Ek gaan vir verlossing na die Dhamma.
> Ek gaan vir verlossing na die Sangha. (Hardy,1984:57.)

Oates (1974:30) meen dat ons nie weet hoe om te bid soos dit hoort nie, maar dat dit die gees van God is wat uitdrukking aan die gevoelens gee wat te diep vir woorde is.

Religie is dus universeel, ewig, en inherent in alle mense teenwoordig. Dis 'n oorkoepelende term wat al die godsdienste insluit en selfs dié wat nie as godsdiens beskou word nie, maar ook die soeke na verlossing uit die menslike beperktheid nastreef. Religie is die onbewuste soeke na die sin van die lewe.

Godsdiens, daarenteen, is die doelbewuste soeke na 'n bepaalde bonatuurlike wese. Hierdie soeke moet tot 'n ervaring van eenwording met die goddelike lei. Die godsdienstige dogma, rituele, gebede, offerandes en ander voorgeskrewe handelinge bepaal die optrede van die individu en die gemeenskap. Geloof in 'n bepaalde god maak die godsdiensbeoefening sinvol. Dit rig die beoefenaar se lewe, sy lewensbeskouing en sy sedelike optrede.

### 2.1.5 SAMEVATTING

Fuller (1975:154) voer aan dat die groot verskeidenheid godsdienste God probeer verklaar, dat almal op God gebaseer is, dog die houding ten opsigte daarvan verskil. God word aanbid, daar is liefde, vrees, haat, ontkenning, weestand en selfs weerhouding van wat in sigself religieus is. In die Westerse kulture is die verwantskap die verhouding tussen Skepper en skepsel. Elke mens is uniek, onvolmaak, maar met geweldige moontlikhede vir verwerping deur en versoening met die Skepper. 'n Mens kan nie as óf goed óf sleg geteken word nie, maar beide. Die mens kry 'n ordelike skepping, morele wette van sy Skepper en

nie slegs 'n sosiale kontrak tussen hom en sy medemens nie. Die mens is individueel skuldig, strafbaar en verantwoordelik.

Alle godsdienste het die strewe na volmaaktheid gemeen. Religie is dus die mens se besef van sy boosheid en sy soeke na verlossing/redding uit sy beperking na 'n nuwe paradyslike bestaan waar die leeu en die lam saam sal lê. Godsdiens is nie selfkennis met betrekking tot die wêreld nie, maar geopenbaarde kennis van die goddelike kant wat godsdiens tot gevolg het: 'n persoonlike geloofsreaksie en aktiewe diens aan God. Religie, daarteenoor, is 'n onpersoonlike geloof of godsdienstige houding.

## 2.2 RELIGIEUSE ASPEKTE IN DIE LETTERKUNDE

Van die begin van die mens se geskiedenis af, het die religieuse as inspirasie vir die letterkunde gedien, vergelyk maar die Griekse tragedies wat totaal afhanklik is van die bonatuurlike en bomenslike mag wat in die menslike lewe ingryp. Eers na die Middeleeue het die kuns begin verwêreldlik.

Die geskrewe woord is die middel tot die doel wanneer ondersoek na die religieuse konsepte in die letterkunde ingestel word. Om oor God te praat, is om die onmoontlike te probeer sê. Dit is so 'n persoonlike aangeleentheid dat dit dikwels moeilik is om daarin te slaag. Die ervaring self is van so 'n aard dat dit moeilik is om in woorde neer te pen. Daarby waarsku die Bybel teen die godsdiensbeoefening in die openbaar: "as jy bid, gaan na jou kamer toe" (Matt. 6:7). Ook wanneer gevas word, moet dit nie vir almal aan jou gesig waarneembaar wees nie. Dié

voorskrifte sluit daarby aan dat 'n mens se godsdiensbelewing persoonlik moet wees en privaat is.

Net so moeilik is dit om "Nirwana" te omskryf. 'n Hele rits negatiewe beskrywings word gewoonlik gegee om te sê wat dit nie is nie voordat dit positief verwoord word. Die mens se gestamel oor God of sy religieuse ervaring is slegs 'n alternatief vir stilte.

'n Kenmerk van die taal wat gebruik word, is volgens Frye (1982:28), dat dit 'n illusie moet skep, daarom is die idioom van die Bybel duidelik oratories, dit wil sê retoriek van God aangepas by die menslike intelligensie en aangebied deur menslike "agente".

Wanneer taal vir 'n religieuse doel gebruik word, is dit verskillend van die algemene taalgebruik. Dit laat die vraag ontstaan of religieuse taal spesiaal is, of die taal 'n spesifieke styl en gedrag bevat wat van die alledaagse gebruikstaal verskil. Indien wel, moet die leser bewus daarvan wees om die religieuse aktiwiteite wat daardeur beskryf word, te herken, sodat dit reg geïnterpreteer kan word.

Merril (1976:7) beklemtoon die feit dat as die mens nie die Godstaal ken of verstaan nie, kan jy die teks waarin dit gebruik word, ook nie verstaan nie. Die rede vir waninterpretasie is geleë in die styl wat hom daartoe leen om letterlik of metafories verstaan te word. As Hooglied letterlik gelees sou word, sou dit feitlik op 'n erotiese soeke neerkom; wanneer na Jesus as die seun van God verwys word, kan dit letterlik geïnterpreteeer word

as deel van 'n geslagsregister. Merril (1976:12) toon aan dat hierdie taal eerder doen as sê, dit wil ons nie net inlig nie, maar ook verander.

Wright (1988:129) se siening lui soos volg:

> **Religious language is not a matter of giving names to clearly discernible objects; it is a complex web of metaphors and symbols pointing towards an imperfectly understood reality.**

en daarom word die taal tot ver by die letterlike betekenis verbygerek om in staat te wees om oor God te kan praat. Die leser van 'n religieuse/godsdienstige gedig kan byvoorbeeld dink dat "God" die naam van 'n persoon is, maar word dan ingelig dat dit in werklikheid die naam van drie persone is wat elkeen deur 'n metafoor verteenwoordig word: want Hy is (en is nie) 'n Vader, Hy is (en is nie) 'n Seun en Hy is (en is nie) 'n Gees, wind of asem nie. Selfs die persoonlike voornaamwoord in hierdie verklaring is metafories want God is duidelik nie 'n lid van die manlike geslag nie (Wright, 1988:132), want daardeur word God se wese beperk. Daarbenewens kom die vroulike metafoor ook dikwels in die Ou Testament voor, byvoorbeeld die beeld van God as die lewenskenker en onderhouer van Israel (soos 'n vrou wat geboorte skenk).

Soms verloor die metafoor sy krag vanweë die oorbekendheid daarvan, soos byvoorbeeld die simbool wat die Rooms-Katolieke Nagmaal ten grondslag lê: "Dit is my liggaam" het sy letterlike betekenis heeltemal verloor. In hierdie geval word die brood wat

aanvanklik gebreek word om die gebreekte liggaam van Christus simbolies voor te stel, 'n beskuitjie. Brood is stapelvoedsel en net so noodsaaklik vir lewe, as wat die gebreekte liggaam van Christus nodig is vir ewige lewe. As die sakrament daarin wil slaag om sy misterieuse werklikheid voort te sit, moet die letterlike sowel as die figuurlike betekenis behou word, aldus Wright. (1988:133).

In taalbenutting kan daar onderskei word tussen sakrale, natuurlike taal en "slang" op verbale sowel as nie-verbale vlak. Daar word in gebed met 'n ander stemtoon gepraat, of 'n ander soort taal word gebruik wat nie sonder spesiale opleiding gepraat of verstaan kan word nie. Die antieke tale is soms slegs in die religieuse geskrifte behou, byvoorbeeld in die Egiptiese hiërogliewe, die Veda-geskrifte in Sanskrit, die Koran in 'n vroeë vorm van Arabies en die Uguvine-tablette van die antieke Umbrië. Die Rooms-Katolieke kerk gebruik nog steeds Latyn; Afrikaans was al goed gevestig toe die kerktaal nog steeds Nederlands was; die "King James" weergawe van die Bybel bevat woorde soos "thou" vir "you", "kine" vir "cow", "saith" vir "says", ens.

Die woord "God" dui simbolies op volmaaktheid. Wanneer die woord in 'n bepaalde teks voorkom, verander die hele aard daarvan, vergelyk byvoorbeeld Psalm 23, wat andersins 'n gewone beskrywing van 'n pastorale rustigheid en tevredenheid sou wees.

Van der Ent (1982:43) verwys na "teologies besmette" woorde soos "genade" wat nieteenstaande ander konnotasies in 'n teks

onmiddellik 'n dogmatiese of teologiese kleur daaraan verleen.

'n Ander kenmerk van religieuse poësietaal is dat die beeldspraak dikwels aan die Bybel ontleen word. Dit hou die gevaar in dat alle poësie waarin sodanige verwysings voorkom, summier as Christelike poësie afgemaak kan word. Dit is nie noodwendig die geval nie. Poësie is menslik en moet die lewe interpreteer, maar ook die natuurlike menslike instinkte weergee en sodoende bewaar. 'n Persoon wat in 'n bepaalde godsdienstige klimaat leef, kan byvoorbeeld sulke Bybelse verwysings uit die gewone gebruikswoordeskat opneem en gebruik. Of soos Breyten Breytenbach (1984:229) dit ironiserend gebruik om sy misnoeë met 'n situasie of sy volksgenote uit te druk:

> **I walked by waters of unrest, in familiar hotel rooms I lay me down**

Die leser moet hom dus voortdurend afvra wat hierdie werk wil sê, hoe die religieuse kenmerke in die bepaalde literêre teks verstaan moet word, en wat die verhouding tussen die geloof/siening en teks van die digter is (indien dit moontlik is om te bepaal).

Omdat 'n digter deel van 'n samelewing is, is dit noodwendig dat hy as spieël sal dien wat die kultuur, die godsdienstige menings en sy tydsgees sal reflekteer. Daarom, meen Miller (1975:43), kan oënskynlik religieuse temas in die letterkunde sonder sodanige betekenis wees. Behalwe wanneer hulle aan 'n direkte verwantskap tussen digter en God ontspring - ongeag hoe direk die verwantskap deur die tydsgees gedikteer word.

Eliot (1975:22-24) onderskei drie sienings ten opsigte van

religieuse aspekte in die letterkunde:

a. Die wat die Bybel as literatuur beskou en die invloed daarvan erken as die Woord van God (dus Bybelse poësie).

b. Religieuse of gewyde poësie: dit word gewoonlik as beperkend gesien en is dikwels die produk van 'n spesifieke godsdienstige gewaarwording wat ons van die skrywer of digter verwag.

c. Religieuse poësie waarin bewustelik op godsdiens toegespits word en wat amper as propaganda beskou kan word. (Dit is doelbewuste werk in 'n wêreld waarin religie en literatuur nie as verwant beskou word nie.)

Turnell (1975:178) meen dat gelowiges glo dat indien daar talent is, sal dit deur die geloof verbreed word. Daarteenoor glo die nie-gelowiges dat geloof 'n hindernis vir die skrywer se talent is, en in plaas daarvan dat dit so 'n skrywer se talent voed:

> **"... it warps and stunts his talent, act as blinkers which restrict or obliterate his vision".**

Die probleem in die beoordeling en waardering van 'n kunswerk is daarin geleë dat 'n mens wat 'n bepaalde geloofsoortuiging handhaaf nie anders kan as met 'n gekleurde bril daarna te kyk nie. Om objektief te staan, is feitlik onmoontlik. Selfs die bibliografie oor bepaalde godsdienste wat daarop afgestem is om leke in te lig oor verskillende godsdienste, is swaar deur voorkeur besmet. Die geloofsiening van die skrywer oor 'n bepaalde geloof/godsdiens word as die enigste waarheid aanvaar en

daar bestaan geen plek vir 'n ander nie. Die inligting oor die Rooms-Katolieke kerk verskil sodanig dat dié werke deur 'n aktiewe lid van die godsdiens totaal verskil van die een wat ontnugter is. Sou die skrywer 'n Protestant wees, dan is die hele aanbieding soms selfs antagonisties gekleurd.

Miller (1975:32) som hierdie situasie baie raak op, wanneer hy drie moontlikhede aanvoer, naamlik:

a. die leser assimileer die teks met sy eie geloofsiening;
b. hy verwerp skrywers wat nie sy godsdienstige standpunt deel nie, of
c. hy neem 'n neutrale of objektiewe houding in en takel die werk af as minderwaardig.

Wat 'n mens ook in gedagte moet hou, is dat 'n wye verskeidenheid godsdienste 'n digter oor 'n lang tydperk en op verskillende tye en plekke kan beïnvloed. Sowel Breytenbach as Cussons is op 'n baie jong ouderdom aan Europa waar nie dieselfde oorheersende Protestantse standpunte as Suid-Afrika gehuldig word nie, blootgestel. In teenstelling hiermee is Buys "veilig" en geborge in die homogene milieu en vind die Calvinisme suiwer neerslag in sy poësie.

Sheila Cussons, uit dieselfde oorspronklike voedingsbron as Buys, vestig haar in Spanje wat beskou word as 'n Rooms-Katolieke land, 'n teenpool vir Suid-Afrika. Alhoewel die "nuwe" geloof waarin sy haar bekeer duidelik neerslag vind in haar poësie, word dit eerder gekenmerk deur 'n gereformeerde Rooms-Katolisisme, as deur die tradisionele. Die Calvinisme, wat in die

kinderjare oorheers het, kan nie heeltemal afgeskud word nie.

Breytenbach, reeds ontnugter deur sy volksgenote wat nie alle mense as "naaste" wil erken soos in hulle godsdiens bely word nie, kom in Europa aan net in die tyd van die Sharpville-onluste. In Parys word ook hy aan 'n groot verskeidenheid invloede blootgestel, en deur middel van sy vrou maak hy intiem met die Boeddhisme kennis.

Die Calvinisme vorm die aanvanklike grondslag in al drie die digters, wie se werk in hierdie studie bespreek word, se lewens. Ander invloede speel egter ook duidelik 'n rol. Alhoewel Breytenbach se Bybelse verwysings nie as 'n Christelike belydenis beskou kan word nie, is die gebruikmaking van 'n Calvinistiese idioom 'n manier om met sy onwillige en hardkoppige leser (volk) te kommunikeer. Soos dikwels in die godsdiens 'n profeet nodig is om die volk te laat insien, en soos digters dit dikwels as hulle roeping sien, is dit die idioom wat die Afrikaner kan verstaan. Dit is ook 'n taal wat hulle kan verstaan, waardeur daar met hulle gekommunikeer kan word.

## 2.3 DOGMATIESE KONSEPTE EN DIE ZEN-BOEDDHISME

Om die religieuse konsepte in die poësie van Cussons, Buys en Breytenbach te kan identifiseer, sal hier aandag geskenk word aan die Christelike dogma wat uiteenval in die Rooms-Katolieke en Protestants-Christelike dogmas. Daarna sal die Zen-Boeddhisme onder die loep geneem word.

Sentraal in die Christelike godsdiens staan die idee van God.

Die Christendom begin as 'n geloof, vertroue, gemeenskap en 'n lewenswyse gegrond op die openbaring, lering van Christus. Hierna het die godsdiens met behulp van die organisasie daarvan, gegrond op die Skrif en dekrete al meer en meer 'n instelling geword.

Paulus (Rom.8: 1 - 4) verkondig die besef van die geloof in die hemelse Jesus as die weg van verlossing, asook van die wet wat die mens tot die dood verdoem het, omdat hy dit deur ongehoorsaamheid bly verbreek en hy nie in staat is om dit te onderhou nie. Om aan hierdie bose wêreld waarvan die mens deel is, te ontsnap, is kennis van God en sy groot verlossende genade noodsaaklik. Hierdie verlossing is vir die siel en nie soseer die liggaamlike ellende nie.

Met Konstantyn die Grote se bekering word die Christelike kerk tot staatskerk van die Romeinse Ryk verklaar. In die plek van die vroeëre simbool van die vis (akroniem vir: Iesous Christos Theou Uios Soter - Jesus Christus, Seun van God die Verlosser), word die Kruis nou die simbool van die Christelike kerk. Alhoewel hier nou na 'n Christelike staat verwys kon word, was die grootste aantal van die inwoners van die Romeinse Ryk nie Christene nie. Hulle het die staatsgodsdiens amptelik aanvaar ter wille van die voordele daaraan verbonde of uit vrees, maar nie deur geloof en toewyding nie.

Die inwoners van die Christelike staat was dus meestal heidens. Die heidense politeïsme vind neerslag in die heiliges van die Rooms-Katolieke kerk; Sondag is na die heidense songod vernoem; Poseidon (Griekse mitologie) of Neptunes (Romeinse mitologie)

verskyn as St. Nikolaas, die beskermer van matrose in die Roomse Kerk. So hou die Romeinse lentefees verband met die Paasfees.

Die Reformasie bring 'n terugkeer na die lewende religieuse sentrum van Christenskap, veral ten opsigte van die verlossing van die mens deur Christus. Die gedagte dat God soewerein is en dat daar buite Hom geen redding moontlik is nie, word opnuut in die Reformasie beklemtoon. Die dogma van verdienste en goeie werke soos wat dit in die Rooms-Katolisisme ontwikkel is, is deur die Reformasie en Reformatoriese denke bevraagteken en verwerp. Daar is opnuut besef dat alles wat die mens wil en doen, boos is. God is die heerser en alleen deur sy genade kan daar enige verhouding God:mens wees. (Vergelyk ook p. 56.)

### 2.3.1 DIE ROOMS-KATOLIEKE GELOOF (GODSDIENS)

Die benaming Rooms- (besondere, definitiewe) Katoliek (universeel /algemeen) bevat eintlik 'n paradoks. Matt. 16:13 - 19 is die grondslag waarop hierdie kerk gebou is, maar veral vers 18 waardeur die oppermag van die Pous daaraan toegeskryf word dat hy die direkte opvolger van Petrus is.

Hierdie grondteks verleen aan die pous die mag om dekrete uit te vaardig, nuwe dogma te bepaal en mense se sonde te vergewe. Hy verkry feitlik goddelike mag, want sy besluite is afdwingbaar en mag nie bevraagteken word nie.

Die Rooms-Katolieke dogma het met verloop van eeue ontwikkel. Alhoewel dit op die Nuwe Testament berus, word die Bybel én die kerklike tradisie as grondslag aanvaar. Aanvullend by die Nuwe

Testament, word daar swaar op die Apokriewe boeke gesteun, selfs ten opsigte van die Mariaverering. Konsilies en pouslike dekrete speel ook 'n belangrike rol.

Tradisie word verdeel in: Goddelike openbaring, apostoliese getuienis en pouslike dekrete. Die Goddelike openbaring hier ter sprake is nie op die Skrif gebaseer nie, maar op persoonlike getuienis wat verband hou met Christus. Die apostoliese getuienis hou verband met wat die apostels geleer of ervaar het. Die pouslike dekrete en dié wat deur die konsilies geformuleer is, is soos hierbo reeds aangedui, bindend vir Rooms-Katolieke gelowiges.

Onder die dekrete tel byvoorbeeld die volgende:

| | |
|---|---|
| Latyn as kerktaal: Pous Gregorius 1 | 600 |
| Gebede tot Maria, gestorwe heiliges en engele | 600 |
| Aanbidding van die kruis, simbole en relikwieë | 786 |
| Kanonisering van gestorwe heiliges: Pous Johannes XV | 995 |
| Selibaat van die priesters: Pous Gregorius VII | 1079 |
| Inkwisisie: Konsilie van Verona | 1184 |
| Aflaatverkoop | 1190 |
| Transsubstansiasie: Pous Innocentius 111 | 1215 |
| Fluisterbieg: Pous Innocentius 111 | 1215 |
| Bybel op die lys van verbode boeke vir die lidmaat en die leek: | |
| Konsilie van Valencia | 1229 |
| Nagmaalbeker verbode vir lidmate: Konsilie van Constance | 1414 |
| Aflaat as dogma: Konsilie van Florence | 1439 |
| Dogma van die sewe sakramente | 1439 |
| Jesuïteorde Loyola | 1534 |

| | |
|---|---|
| Tradisie word gelykgestel met die Bybel: Konsilie van Trente | 1545 |
| Apokriewe boeke by die Bybel gevoeg: Konsilie van Trente | 1546 |
| Die Onbevlekte Ontvangenis van die Maagd Maria: Pous Pius lX | 1854 |
| Sillabus van Foute verbied godsdiensvryheid, vryheid van die gewete, spraak, pers, wetenskaplike ontdekkings waarteen die kerk gekant is, en kondig die pous se mag oor alle wêreldlike leiers aan | 1864 |
| Onfeilbaarheid van die pous | 1870 |
| Openbare skole vir lidmate verbied | 1930 |
| Die hemelvaart van Maria: Pous Pius Xll | 1950 |

(Boettner, 1972: 8,9).

Bogenoemde dekrete berus nie op Bybelse gronde nie, maar maak 'n baie belangrike deel van die geloofstoepassing uit. Tradisie sluit alles in wat mondeling deur die eeue oorgedra is en selfs die posisie van die pous berus hierop. Die grond vir tradisie as dogma, word in die apokriewe boeke gevind, byvoorbeeld vir die aflaat in ll Makabeërs 40 - 45. Daarin word vertel van geld wat na Jerusalem gestuur is as offer vir die soldate wat dood is en skuldig aan afgodery.

Wat sonde betref, leer die Rooms-Katolieke kerk dat daar twee soorte sonde is, naamlik doodsondes wat jou direk hel toe laat gaan en ander minder ernstige sondes wat deur middel van 'n bieg by die priester deur hom vergewe kan word, mits aan sekere voorwaardes voldoen word. Die leer van die vagevuur sluit hierby aan. Die gestorwene se siel gaan vir 'n tussenstadium in hierdie mindere hel. Hieruit kan hy alleen kom met behulp van gebede van

lewendes en deur die betaling van vergoeding by die sogenaamde misse vir die afgestorwenes. Daar kan nooit met sekerheid gesê word wanneer iemand verlos is nie. Ook die aflaathandel sluit by hierdie leerstelling aan: agterblywendes kan die verlossing van 'n verlore siel uit die vagevuur afkoop. Hierdeur eien die pous en die priester hulle God se gesag van vergiffenis toe.

Die deursneelid van die kerk het 'n baie swak kennis van die Bybel aangesien slegs Skrifgeletterdes tot onlangs die reg gehad het om die Bybel te bestudeer en te interpreteer. Die Bybel was tot 1965 verbode leesstof vir die leek. Aangesien die kerktaal nog oorwegend Latyn is, is dit ook vir die leek onverstaanbaar. As gevolg hiervan, meen Boettner (1975:4), word die leek in onkunde gehou. Die kerk behou daardeur absolute en outoritêre mag oor sy lidmate waardeur hulle in 'n staat van geestelike armoede, onkunde en onderdrukking gehou word. Daarom is dit terloops ook so dat die Rooms-Katolieke lande van die armstes in die wêreld en 'n teelaarde vir Kommunisme is. Verder hou dit die lidmate passief. Hulle het geen inspraak in die aanstelling van die priesters, of die finansies van die kerk nie.

Soos wat Christus absolute gehoorsaamheid aan Hom eis, eis die Rooms-Katolieke kerk dit van sy lede: blinde gehoorsaamheid moet aan die pous, biskop en priester volgens die hiërargiese orde geskied.

Volgens 1 Tim. 2:5 is Jesus die Middelaar, maar die Rooms-Katolieke kerk sê daar is baie ander, byvoorbeeld Maria en ander heiliges, wat as bemiddeling na Christus gebruik moet word.

### 2.3.1.1 DIE VERERING VAN MARIA EN GEBED

Hierdie verering het in verskillende fases tot stand gekom. In die Bybel word Maria as die moeder van Jesus voorgestel, maar vir die Rooms-Katolieke kerk is sy die moeder van God (Konsilie van Efese 431). Uit hierdie ontwikkeling word Maria vir hulle wat Christus vir die Protestant is. Volgens Boettner (1972:134) word sy die objek van alle religieuse gevoelens. Die indruk word geskep dat Maria sterker en meer volwasse as Christus is. Sy oorskadu Hom dus heeltemal. In die meeste kunswerke word Christus óf as baba óf as dooie voorgestel en dikwels ook in hierdie posisie op die skoot van Maria. Volgens De Liguori (1931) is sy die beskermer en verkry hierdeur Christus se posisie, want sy word beskou as:

- die middelaar tussen God en mens (1931:82);
- bemiddelaar vir genade en verlossing (80) ;
- die poort na die hemel: sonder haar is dit onbereikbaar;
- die houer van alle mag op hemel en op aarde (180);
- vredemaker tussen sondaars en God (197);
- 'n vinnige seker manier om gunstige reaksie op gebed te bewerkstellig: daarom word hulle beveel om tot haar te bid (127,141,143).

Behalwe die spontane gebed wat aan Maria gerig word, is daar ook nog die groetgebed, naamlik die Ave Maria:

> **Wees gegroet, Maria, vol genade, die Here is met u.**
> **Geseën is u onder die vroue en geseën is Jesus die vrug van u skoot.**

> **Heilige Maria, Moeder van God, bid vir ons sondaars, nou en in die uur van ons dood.** (Hinwood, 1990.)

Daarby kom nog die "Glorias" wat saam met bogenoemde en die "Onse Vader" dikwels met behulp van die rosekrans gebid word:

> **Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees, soos dit in die begin was, so ook nou en altyd tot in alle ewigheid.** (Hinwood, 1990.)

Eintlik is die rosekrans 'n reeks gebede. In die langer vorm is dit 15 "Onse Vaders" (aan God gerig) 15 "Glorias" en 150 "Ave Marias". Die rosekrans is ook die benaming van 'n string krale wat in vyf dele verdeel is wat elk uit een groot kraal en tien kleineres bestaan. Die groot rosekrans bestaan uit vyftien afdelings maar gewoonlik sal iemand wat die hele krans wil bid die korter vorm drie maal herhaal. Saam met die groot kraal word die "Onse Vader" gebid en saam met elke kleiner kraal die "Ave Maria" en 'n "Gloria" tussen elke afdeling.

Volgens die Rooms-Katolieke dogma word aanbidding soos volg geformuleer:

a. Latria - die hoogste gebed tot God alleen.

b. Dulia - 'n sekondêre aanbidding tot heiliges en engele.

c. Hyperdulia - 'n hoër verering aan Maria.

Teoreties is dit vir die leek moeilik om onderskeid te tref indien hulle kennis dra van hierdie dogma. Die leerstelling: "deur Maria tot Christus", verander nie die feit dat die meeste aanbidders se verering by Maria ophou nie; dat die gebede direk

aan haar gerig word; dat alle genade deur Maria vloei en sy as die vierde persoon van die goddelike eenheid beskou word.

Amptelik ontken die Rooms-Katolieke kerk Maria-aanbidding en konstateer dat sy slegs 'n mens is en geensins gelyk aan God is nie, maar die meeste Rooms-Katolieke gelowiges is nie bewus van die tegniese onderskeid in die kerklike dogma nie. Boettner (1972:149 -150) wys daarop dat in die praktyk:

- die gebede aan Maria soortgelyk is as die aan God;
- dit aangebied word in die gewone Godsaanbidding;
- dit knielend aangewend word (die normale gebedshouding) dikwels voor die beeld van Maria en
- vorm dit die meerderheid van alle gebede (1972:149-150).

Boettner haal in sy studie verskeie bronne aan wat aantoon dat dit vir die "buitestaander" uiters moeilik is om die diep liefde vir Maria by die toegewyde Rooms-Katoliek te begryp. Alleen as 'n mens letterlik deurdrenk is met dieselfde idees, kan daar begrip wees. Ook Thomas Merton (1975:229) wat as volwassene tot die Rooms-Katolieke geloof bekeerd raak, skryf sy aanvanklike geestelike armoede toe aan die gebrek aan insig en toewyding ten opsigte van sy Mariaverering:

> One of the big defects of my spiritual life in that first year was a lack of devotion to the Mother of God. I believed in the truths which the Church teaches about our Lady, and I said the "Hail Mary" when I prayed, but that is not enough. People do not realize the tremendous power of the Blessed Virgin. They do not know who she is: that it is through her

> hands all graces come because God has willed that she thus participate in His work for the salvation of men (1975:229).

Merton (1975:230) verklaar verder:

> She is the Mother of Christ still, His Mother in our souls. She is the Mother of the supernatural life in us. Sanctity comes to us through her intercession. God has willed that there be no other way. (1975:230.)

Dié siening vorm die kern vir die onderwerping aan God se wil.

### 2.3.1.2 DIE SAKRAMENTE

Sakramente is die uitdrukking van 'n innerlike abstrakte realiteit deur 'n uiterlike teken.

Die mens is in hegte gemeenskap met God geskape, maar deur sy opstand het hy hierdie toestand verwerp en is nie in staat om dit te herstel nie. God herstel dit self deur die vleeswording van Christus. Die mens sondig deur sy eie wil te volg. God wil hom red en die verhouding kan ook net van God se kant herstel word. Daarom is die sakramente ingestel.

**Nagmaal** dui op die brood van die lewe, naamlik Christus. Dis 'n heilige gemeenskap: die diepgewortelde begeerte van die mens om in die innigste moontlike verwantskap met die onderwerp van sy aanbidding te tree. Christus bring die lewe na die wêreld. Die lid wat deel het aan die mis, glo en assosieer met die slagoffer, naamlik Jesus Christus. Dit vorm die kern van die aanbidding: die brood (hostie) verander werklik in die liggaam van Christus, en die wyn in sy bloed: transsubstansiasie.

Daar word onderskei tussen die mis wat daagliks aangebied word en 'n seremonie is waarby die toeskouers passief is en die priester alleen Heilige Nagmaal gebruik, en die eucharistie waar die lidmate meedoen aan die Heilige Nagmaal en hostie ontvang. Weer is dit slegs die priester wat die beker gebruik. Albei seremonies vind in Latyn plaas.

Soms word die mis teen 'n vasgestelde fooi aangehoor, byvoorbeeld:

- stil mis vir die siele in die vagevuur waar die priester die mis voorlees en die seremonie uitoefen;
- hoogmis op Sondae en heilige dae wanneer die priester die mis sing en musiek en koorsang ook ingesluit word;
- hoë dodemis tydens begrafnisse;
- hoë huweliksmis;
- pontifikale (pouslike of biskoplike) mis.

**Die doop** word gesien as absoluut noodsaaklik vir redding. Daardeur word die afwassing van die sondes gesimboliseer. Babas moet onmiddellik gedoop word, want sou hulle daarsonder sterf, sou hulle verlore wees.

**Belydenisaflegging** vind plaas wanneer die priester sy hande op die persoon wat reeds gedoop moet wees se kop lê om die Heilige gees aan hom oor te dra.

**Eucharistie** is reeds verduidelik. Sheila Cussons het in 'n radio-onderhoud aangedui (89.09.17) watter wonderlike ervaring dit telkens vir haar is.

Belydenis van alle sonde wat na die doop begaan is, moet gereeld by 'n priester gedoen word. Volgens die aard van die oortreding word **boetedoenings** opgelê, byvoorbeeld herhaalde gebede, 'n spesiale misbywoning, vastye, selftoegediende straf en selfs pelgrimstogte.

Wanneer dit lyk asof iemand moontlik sterwend kan wees, word hy gesalf op die oë, ore, neus, hande en voete en 'n spesiale gebed word gedoen. Sodoende ontvang hy die **laaste sakrament,** ook genoem **die laaste oliesel.**

**Ordening** is die sakrament waarmee die kerklike amptenare in hulle ampte bevestig word, asook die nonne en monnike wat hulle lewe aan die kerk toewy.

Ook die **huweliksbevestiging** word as 'n heilige sakrament beskou.

Anders as die Protestantse kerke wat slegs die Heilige Nagmaal en Heilige Doop as sakramente beskou, handhaaf die Rooms-Katolieke kerk sewe sakramente.

**2.3.1.3 RITES, SEREMONIES EN GEBRUIKE**

Seremonies is 'n baie definitiewe kenmerk van die kerklike optrede. So word elke sakrament se bediening met groot omslagtigheid byna teatraal uitgevoer.

Wanneer die kerk betree word nadat die voorvinger van die regterhand in wywater gedoop is, of ook om persoonlike redes word die teken van die kruis gemaak as teken van 'n gebed asook 'n geloofsbelydenis.

Vas en selfkastyding is ook nog gebruiklik in die kerklike tradisie.

Selibaat is die vereistes wat aan monnike en nonne gestel word om hulle van die huwelik te weerhou. Hierdie eed wat afgelê word, sluit ook die belofte in om 'n lewe van armoede, heiligheid en gehoorsaamheid te lei.

Verheiliging is die proses waardeur alles wat deur die Rooms-Katolieke gebruik word, eers deur die priester gewy moet word. Dit word gewoonlik met wywater (water met 'n knippie sout) besprinkel.

Harris (1969:154) toon aan dat die tradisies, konsilies, rituele en die dogma wat hier die geloof word, nie die waarheid van die evangelie uitspel nie. Geloof beteken naamlik hier om jou aan die kerk se gesag te onderwerp en God se vrye vergiffenis word nou belas met gekompliseerde eise van boetedoening, goeie werke en kerklike eise waaraan voldoen moet word.

### 2.3.1.4 DIE BEOEFENING VAN MISTIEK

Uit die kluistergemeenskappe het die kloosterordes gedurende die Middeleeue gegroei wat die mistieke tradisie in die kerk laat voortleef. In die Rooms-Katolieke opset is dit veral die Franciskaanse, die Trappiste en die Dominikaanse kloosterordes wat 'n belangrike rol speel in die beoefening van mistiek. Dit is egter die Jesuïte-orde wat by uitstek bekend is vir hulle beoefening van meditasie of kontemplasie tydens hulle asketiese bestaan, aldus Morse. (1957:4905.)

Die geestelike bewussyn word deur meditasie en die gereelde en herhaaldelike gebruik van die Heilige Nagmaal waarin die mens God deelagtig word, bevorder. Die mistieke belewenis en die oordenkings of meditasie werk vrugbaar in op die spekulatiewe denke.

Juis omdat die mens iets van die godheid in hom omdra, raak hy bewus van die liefde en alomteenwoordige genade van God asook die besef dat hy homself moet afsterf om met God verenig te kan word. Dit kan slegs op uitnodiging van God geskied waarna daar 'n verlange by die mens ontstaan om met God verenig te word. Olivier (1985:71) toon aan dat binne die Rooms-Katolisisme geglo word dat die mens sintuiglik aan hierdie wêreld moet onttrek om van die sinnelike begeertes los te kom, maar dat ook die wil en rede ontkoppel moet word. Dit word bereik deur meditasie, of die stip staar na 'n voorwerp of deur litanie (die herhaaldelike geprewel van 'n gebed). Die grondslag vir die nastrewe van die mistieke vereniging is geleë in die feit dat God liefde is en die mens wil toelaat, uitnooi, om met Hom te verenig.

Olivier (1985:75 - 82) vat die kodes van mistiek soos volg saam:

* Dis 'n ervaring van eenheid of eenwording.
* Dit word gekenmerk deur 'n sekere tydloosheid.
* Passiwiteit: die mens speel 'n passiewe rol.
* Dis 'n uitreiking bo die gewone.
* Dis 'n vlugtige, vervlietende ervaring wat skielik, onverwags plaasvind.
* Die oorheersende ervaring is dié van onmiddellike kontak

met God.

* Dit veroorsaak absolute vreugde en ekstase, 'n gevoel van selfgenoegsaamheid en selfvervulling.
* 'n Gevoel van tyd- en ruimteloosheid word ervaar.
* Alhoewel dit slegs 'n oomblik duur, is daardie oogwink soos 'n ewigheid en die ervaring het 'n bestendigende faktor in die lewe van die mistikus.
* Die ervaring strek by intellektualiteit verby.
* Die mistieke ervaring oorskry normale sintuiglike kenprosesse en omdat taal op die sintuie steun, is dit baie moeilik om die ervaring te verwoord. Om daarin te slaag, moet hy by die normale woordgrense verby kom. Hy voel genoodsaak om te vertel, maar kan slegs stamel.
* Hier is sprake van twee werklikhede wat met mekaar versoen moet word, alhoewel ruimte in die ervaring self opgehef word.
* Daar is geen sprake van maatskaplike betrokkenheid nie.
* Opvallend is die rol wat vuur en alle paradigmas van lig in veral die beskrywing van die mistieke ervaring speel. Simbolies word daar vanuit die duister in die lig beweeg.

Die beoefening van die mistiek vind, soos later aangetoon sal word, baie duidelik neerslag in Sheila Cussons se poësie. Daarin word gepoog om die hoogste vorm van die syn te bereik; 'n soort dubbelvisie te bereik sodat die onsienlike ook gesien kan word. Hierdeur word die band wat deur die sonde verbreek is, weer met God gebind en is die mens voortdurend bewus van God se teenwoordigheid. Dis veral hierdie heilsboodskap binne die

Rooms-Katolieke konteks wat heeltemal verskillend van die Protestantse uitgangspunt is. Vir die Rooms-Katolieke kerk staan die sakramente sentraal en eeue-oue formuliere funksioneer baie sterk in die godsdiensoefening waarin die mistiek 'n baie prominente plek inneem.

Mistiek is egter vreemd aan die Protestantisme met sy gerigtheid op die geregverdigde lewe deur God se genade. Die kollektiewe sondelas word opgehef deur Christus se dood aan die kruis. Die Afrikaanse digkuns wat veral in die Protestantisme gewortel is, het daarom nog nie veel ruimte vir die mistiek en die ontginning van die intieme kennismaking met God gelaat nie. Cussons maak egter deeglik hiermee kennis in Spanje, waar sy die Rooms-Katolieke geloof, gebed in die mistieke tradisie, kon beoefen. Tog is die mistiek nie vreemd aan die Calvinistiese poësie nie soos met die bespreking van Buys se poësie aangetoon sal word. (Vergelyk hoofstuk 4:133.)

## 2.3.2 CALVINISME (PROTESTANTISME)

Die Protestantisme vorm die basis van die tradisionele denke van die Afrikanervolk. So sterk word daar byvoorbeeld in sekere kringe met die Ou-Testamentiese volk geïdentifiseer dat die Afrikaner op trek ook soos Israel in die verlede dikwels gesien is as die uitverkore volk in hierdie land.

God word as soewerein op alle lewensterreine gesien. Die mens word geroep deur God, wat die mens red van die ewige dood deur verlossing wat deur Christus bewerkstellig is. Hy moet God dien

deur die handhawing van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing. Die mens mag hom, in teenstelling tot die Rooms-Katolieke siening (vergelyk p.51), nie aan die wêreld onttrek nie, want die lewe is 'n voorbereiding vir die hiernamaals. Christus roep deur sy gees sy volk tot 'n nuwe lewe in heiligmaking.

Anders as by die Rooms-Katolieke kerk staan die sakramente nie sentraal nie, maar dien hulle as bewyse van God se genade. Hier word die twee sakramente (in teenstelling met die sewe van die Rooms-Katolieke kerk), naamlik die Heilige Doop en die Heilige Nagmaal beskou as 'n versterking van die geloof as daad van die Heilige Gees: as teken en seël van die genadeverbond van God met sy kinders. Olson (1969:164) toon aan dat anders as die transsubstansiasie van die brood en wyn van die Rooms-Katolieke geloof (waar God se genade op 'n wonderlike objektiewe manier op die siel van die gebruiker werk sonder dat daar geloof aan sy kant hoef te wees) die Calvinis glo dat slegs geloof hierdie eenheid in die genadige wil van God kan laat plaasvind. Dit word oordink en oorgedra deur die Heilige Gees.

Die Calvinistiese lewensbeskouing is intiem verwant aan die fundamentele verhouding tussen die mens en God. Godsdiens mag nie 'n enkele faset van die lewe uitsluit nie en moet van so 'n aard wees dat dit die ganse menslike bestaan omvat. Die omwêreld kan alleen volledig verstaan word in die lig van Gods Woord.

Die Bybel dien as beginselgrondslag in alle sake van geloof en geloofsbeoefening. Geloof, en nie goeie werke nie, verlos die

mens en verseker redding. Goeie werke is vrugte van die geloof. Die individu het die reg om direk tot God te bid sonder menslike bemiddeling - hierdie vryheid van geloof en aanbidding is volgens die Bybelse gesag. Chanter (1969:138) stel dit so dat Calvinisme uit die herontdekking van die Bybel ontstaan het en deur die bestudering daarvan gevoed is. Die vertaling van die Bybel deur Luther en die boekdrukkuns het 'n verdere belangrike bydrae gelewer. Die Bybel is sentraal in die Protestant se lewe - anders as in die Rooms-Katolieke kerk waar dit eintlik tot onlangs ontoeganklik was vir die leek. By die Protestant is die besondere verhouding tot die Bybel sy geestelike krag.

Gebed is 'n persoonlike kommunikasie met God, waar die die fokus op God gerig is. As voorbeeldgebed word die "Onse Vader" in Mattheus 7:9 - 13 voorgehou. Dit is die wyse waarop die mens sy afhanklikheid en ootmoed te kenne gee.

God en die siel vorm die kern van die Christelike godsdiens. Godsdiens moet die mens in God se teenwoordigheid bring sodat die mens in Hom, deur Hom en met Hom kan lewe. Dis die ontmoeting tussen persone: ek en U en ek en my medemens. Daarom dat ons opdrag gekry het om tot "Onse" Vader te bid. God se bevel is "Jy moet jou naaste liefhê". Dit word 'n godsdiens in liefde en verdraagsaamheid en vrede, veral met behulp van die Heilige Gees. Paulus (Rom:6) verkondig dat Christus na die mens kom en hierdie God is liefde. Die mens moet antwoord in volkome vertroue en oorgawe van sy eie wil, dit wil sê geloof is die antwoord - geloof in God.

Die oorgawe in geloof is oorgawe aan die gees van die liefde, wat God se gees is: In genade word jy deur geloof gered. Genade is die hart van die geloof want dit is die liefde van God en dui op sy verhouding tot die mens. Geloof is die kern van die persoonlike godsdiens en dui op die verhouding mens tot God. Hieruit vloei die naasteliefde voort.

God as 'n drie-enige God naamlik Vader, Seun en Heilige Gees is ewig, is die bron van alle dinge en sonder God het niks ontstaan nie. Johannes 1:1 - 4 stel laasgenoemde baie duidelik. Daar word van die begin af 'n verbond met die mens gesluit wat na die sondeval etlike kere hernieu is, onder andere deur Abraham. Na die sondeval kom God weer eens tot die mens se redding en beloof 'n Verlosser en Saligmaker.

Die dogma waarop die Protestantse geloof berus, word in 'n groot mate deur die Heidelbergse Kategismus asook die Twaalf Artikels weergegee. Hierin erken die mens sy sondige aard en die feit dat hy homself nie kan red nie. Die mens het naamlik deur die sonde die ewige dood deelagtig geword. God is genadig en wil die mens red, maar sy regverdigheid vereis dat die sonde gestraf moet word. Omdat dit vir die mens onmoontlik is om homself te red, stuur God Christus (God) om hierdie las van die mens op Hom te neem. Christus word die sondebok gemaak.

Die skuldlas is dus 'n prominente kenmerk van hierdie godsdiens, by name die Calvinisme wat al dikwels die skuldgodsdiens genoem is.

Die aardse lewe is 'n voorbereiding vir die lewe hierna wanneer

die mens volgens die oortuiging van die geloof in God se genade (deur bemiddeling van Christus) gered of verdoem sal word. Hierdie skeiding word aangedui deur die terme "hemel" waar die mens in God se teenwoordigheid Hom sal loof en prys en die "hel": plek van ewige verdoemenis.

God eis rekenskap van die mens en soos Christus na die hemel opgevaar het, is daar die belofte van sy wederkoms, wanneer almal wat reeds gesterf het, opgewek sal word en daar van elkeen rekenskap geëis sal word ten opsigte van sy lewe.

Alhoewel God sekere eise aan die mens stel, loop die draad van sy genade baie prominent. Hy laat vaar of verlaat die mens nooit nie, maar stuur selfs die Heilige Gees as Trooster, na die Hemelvaart. Daarby kry die mens die versekering dat hy maar net kan vra en God sal aan die nodige behoeftes voldoen en wie Hom soek, sal Hom vind.

Totale afhanklikheid en onderwerping aan God se gesag kenmerk die Christelike leerstellings. Alles wat met die mens gebeur, sy geboorte, lewe, roeping en dood word aan God se wil toegeskryf.

Die sedelike peil van die Protestant word soos die ander godsdienste ook deur hierdie geloof bepaal.

Daar is so 'n klein groepie andersgelowiges in die Suid-Afrikaanse gemeenskap dat dit nie in die verlede 'n groot rol op letterkundige gebied gespeel het nie. Met die toenemende bewuswording van die andersdenkendes word die ander godsdienste in 'n oper samelewing toeganklike en sal daar moontlik in die

toekoms meer beïnvloeding plaasvind.

### 2.3.3 BOEDDHISME

Boeddha word allerweë as die stigter, profeet en later god van hierdie "godsdiens" wat uit die Hindoeïsme gegroei het, beskou. Rahula (1978:1) beklemtoon die idee dat Boeddha nie alleen 'n menslike wese is nie, maar dat hy geen aanspraak op enige inspirasie van enige god of eksterne mag maak nie. Hy skryf al sy gewaarwordinge, suksesse en prestasies aan menslike strewe en intelligensie toe. 'n Mens, slegs 'n mens, kan 'n Boeddha word. Volgens die Boeddhisme is die mens se posisie dus oppermagtig. Die mens is sy eie meester en bewerk sy eie heil en daar is geen hoër wese of mag wat sy bestemming bepaal nie. As daar na die Boeddha as verlosser verwys word, is dit bloot omdat hy die pad na verlossing, nirvana, aangewys het.

Feitlik alle godsdienste is op geloof gebou, selfs blinde geloof, maar in die Boeddhisme word die klem gelê op "sien", kennis en begrip en nie op geloof en vertroue nie. Alhoewel saddha dikwels verkeerdelik as geloof vertaal word, beteken dit eerder (self)vertroue gebore uit oortuiging, maar 'n mate van geloof is tog geleë in die toewyding aan die Boeddha, en om Dharma en Sangha na te volg.

Gautama Sidharta, is ongeveer 563 v.C. in Kapilavastoe op die grens van Nepal uit 'n adellike geslag gebore. Soos die geboorte van Christus was hierdie ook 'n wonderlike geboorte want hy is, volgens oorlewering, uit die sy van sy moeder gebore. Hy het op

80-jarige ouderdom gesterf as Boeddha, 'n godsdienstige naam wat beteken "die verligte".

Alhoewel sy pa probeer het om die leed in die lewe vir die prins verborge te hou, het hy rusteloos geword en sy vriend oorreed om saam met hom die omgewing te verken. Al het sy pa toegelaat dat hulle gaan, het hy verbied dat gebreklike en ou mense op straat verskyn. Daarom het dit gelyk asof alle mense gelukkig is.

Op toer deur die stad kom hy egter verskynsels teë wat sy denke en lewenshouding beslissend beïnvloed: 'n vervalle grysaard laat hom besef dat dit die weg van elkeen is: dat alle jeug, skoonheid en geheue afgetakel word; 'n sieke laat hom besef dat alle mense aan krankheid blootgestel is; 'n lyk herinner hom aan die sterflikheid, kortstondigheid van die mens. Hy sien ook 'n monnik wat sy lewe in askese deurbring.

Hy kom tot die insig dat ouderdom, siekte en dood die mens van sy lewensrus beroof en dat alleen 'n lewe van selfverloëning tot vrede kan lei. Hy verlaat sy gevestigde, ryk, adellike bestaan, besiel deur die begeerte om 'n oplossing teen die kwale van die mensdom te vind. Hy word deur beroemde Hindoewyses onderrig, maar vind geen bevrediging nie, hy mediteer en vas totdat hy totaal uitgeteer is, maar ook dit bring nie die antwoord nie. Terwyl hy onder 'n bodiboom sit en mediteer, het sy gees hom losgemaak van die boeie van eindigheid en sinnelikheid sodat hy ingedring het in die verborgenheid. Sy oomblik van verligting het aangebreek.

Boeddha was oortuig daarvan dat selfkastyding en askese nie die

antwoord was nie en breek weg van hierdie stelsel en soek verligting deur middel van meditasie. Volgens oorlewering het Boeddha na 44 jaar van prediking Nirvana binnegegaan.

Appleton (1961:54) stel dit so:

> **It was the Buddha who in the First Noble Truth faced realistically and creatively the emptiness and meaninglessness of human life. The problem has been stated, the disease has been diagnosed: now he can proceed to track down the cause and prescribe a cure.**

### 2.3.3.1 DIE LEERSTELLINGS

Boeddha se leerstellings of die Pali-kanon is in drie Pitakas versamel en dien as kanon van die Theravada-Boeddhisme.

a. Die Dhamma Pitaka bevat Boeddha se leringe of Suttas.
b. Die Vinaya Pitaka bevat die voorskrifte vir die monnikelewe.
c. Die Abhidhamma Pitaka bevat nog dogmatiek en sedeleer en die filosofiese grondslag en logika van sekere vraagstukke. Daarby is ook die Dhammapada of die pad van die wet.

Hierdie pad van bevryding bevat vier grondbeginsels of waarhede:

a.**DUKKHA: lewe is lyding:** geboorte, siekte, dood, skeiding van geliefdes, onvervulde begeertes. Dus is die hele aardse bestaan en die gehegtheid daaraan leed, want die lewe is vol teleurstellings en ongelukkigheid en niks is permanent nie. Selfs wanneer begeertes vervul word, stel dit nie lank tevrede nie. Dit sluit ook die idee van onvolmaaktheid, tydelikheid, leegheid,

betekenisloosheid en frustrasie in.

b. **SAMUDAYA: lyding word deur begeerte veroorsaak.** Dit spruit voort uit begeerte: om te lewe, die lewe te geniet en die dors na mag en rykdom. Verder leef die mens as gevolg van die verkeerde dade in hierdie lewe en die voriges. Dit sluit aan by die reïnkarnasieleer van die Hindoe, wat glo dat die mens soos wat sy lewe verbeter, hy telkens in 'n hoër lewe, volgens verdienste, gebore word. Die kringloop van lyding word dus eindeloos voorgesit. Die mens begeer wat hy nie het of kan bekom nie, en is ontevrede met wat hy wel het. Omdat ons dinge soos siekte en dood in die gesig staar en dit vrees, daarom ly ons.

c. **NIRODHA: die opheffing van lyding.** Dit kan alleen geskied deur die vernietiging van die begeertes en drifte deur die uitdowing van alle wellus of deur dit geen plek in die lewe te gun nie. Die keuse berus by die mens. Die bestaansirkel wat in lyding eindig, begin met onkunde omtrent die vier grondwaarhede. As sy onkunde bestry word, en hy die edele waarhede aanvaar, verkry hy insig oor die oorsake van lyding en kan hy hom van alle begeertes distansieer.

d. **MAGGA: die weg tot opheffing van lyding.** Dit vind plaas deur die agtvoudige pad, of die middeweg wat dikwels deur 'n wiel voorgestel word waarin die agt stasies aangetoon word.

Volgens Appleton (1961:95 - 103) word die agt stappe van die agtvoudige weg in drie groepe verdeel, naamlik: wysheid en verstaanbaarheid, die aanhang van die regte gedagtes en insigte;

etiese optrede uitgedruk in die regte spraak, aksies en lewenswyse, en geestelike dissipline wat die regte poging en ingesteldheid en konsentrasie insluit.

1. **Regte uitkyk, insig**, veral in die vier hoogste waarhede en die besef dat begeerte die oorsaak van die menslike ellende is; dis meer as kennis, dis die binnedring in alles se natuur.

2. **Die regte denke** is die gedagtes waaruit alle begeerte, haat en illusie geëlimineer is en wat dit losgemaak het, selfloos, geduldig en verdraagsaam, kalm is en vry van enige intensie om ander leed aan te doen. As hierdie doel bereik is, sal die regte spraak en optrede volg.

3. **Regte spraak** asook die volgende twee stappe het te doen met die regte optrede en word op naasteliefde gebaseer. Leuens en skindery is verbode, en betroubaarheid en eerlikheid moet nagestreef word. 'n Ydele geklets moet vermy word, maar op die regte tyd moet gedissiplineerd kosbare woorde gespreek word.

4. **Die regte daad:** vriendelikheid en naasteliefde teenoor alle lewende wesens word hierby ingesluit. Daarom sal geen een 'n ander doodmaak nie. Hulle moet hulle van dwelms en alkoholiese drank weerhou omdat dit die gees verdof en die passie aanvuur.

5. **Die regte lewenshouding:** die mens moet so lewe dat hy geen ander wese leed aandoen nie, en geen beroep beoefen wat daarmee gemoeid is nie, byvoorbeeld dié van slagter, soldaat, wapen- of drankhandelaar. Hierdie optrede word saamgevat in

die Vyf Groot Gebooie:

Moenie lewende wesens doodmaak nie.

Moenie steel nie.

Weerhou jou van seksuele losbandigheid.

Vermy valsheid.

Vermy alkoholiese drank.

Die volgende stappe bevat die voorskrifte ten opsigte van die geestelike dissipline soos deur Boeddha beklemtoon.

6. **Die regte inspanning of lewenswyse** vereis doelgerigte oefening om die bose gesindhede van die gees af te skud, en om 'n positiewe gesonde geestelike staat te bereik.

7. **Die regte gesindheid, geestesgesteldheid.** Meditasie word 'n lewenswyse; en sluit 'n gekonsentreerde opleidingsprogram in waarin aandag gegee word aan die innerlike van die mens, aan die gedagtevloei en elke handeling byvoorbeeld asemhaling, stap, ens. Hy word geleer om op klein spiere te konsentreer of op 'n bepaalde gedagte.

8. **Die regte konsentrasie** vloei direk uit die vorige stap voort. Hierdie fase bestaan uit vier stappe, naamlik: eers moet alle begeertes en bekommernisse, bose en sinnelike gedagtes, twyfel en slegte gesindhede afgesweer word en alleen gevoelens van vrede, geluk en goeie gesindheid oorbly. In die tweede stap moet alle serebrale aktiwiteite tot stilstand kom, en denke wat op een saak toegespits word, moet beoefen en diskursiewe denke gestaak word. 'n Gelukkige gevoel van rus en vrede word ervaar. In die derde fase word geluk en vrede nie

gesoek nie, maar alleen 'n begeerte om totaal bevry te word tot algehele persepsie. Die vierde fase is die suiwer gewaarwording van wat realiteit is: die tydlose moment wanneer dit is asof tyd tot stilstand gekom het; 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan.

Hierdie pad is die weg na kennis, maar nie in 'n intellektuele betekenis nie. Dit word sedelik bepaal deur een deug wat geleë is in verdraagsaamheid, selfbeheersing van die eie wil, wellewendheid en medelye. Hierdie deug bring gevolglik sy loon net soos die slegte daad ook sy loon veroorsaak. Die wiel is die simbool van die Boeddhisme en toon aan dat geboorte en dood verbind word en dat niks standhoudend is nie, maar gedurig besig om te verander.

As die goeie nagestreef word, sal jy beloon word, maar dit bring jou nog nie uit die kringloop van jou lyding nie. Daarvoor moet jy jou terugtrek uit die wêreld, sodat jy by die laaste stasie op die agtdelige pad, naamlik konsentrasie, kan uitkom. Die houding word voorgeskryf asook die wyse waarop mediteer moet word: sit met gekruiste bene en let op jou asemhaling sodat jy bevry kan word van die bose luste en van vreugde en leed.

Wanneer die gees ten laaste 'n blik op die oneindige kry, is nirvana in sig. Dit beteken dat jy ophou om te bestaan, dat jy volkome vry is van aardse vreugde en leed, jy is uitgewaai (soos 'n kersvlam) of uitgeblus sodat daar niemand meer is om te ly nie. So 'n persoon word 'n heilige of arhat genoem.

Nirwana word deur Appleton (1961:87 - 94) beskryf as die einde van alle pyn, 'n staat van onverstaanbare perfeksie. Alleen iemand wat dit reeds ervaar het, sal dit kan verstaan. Daarom kan dit nie beskryf word nie, maar dit moet beoefen en beleef word. In so 'n persoon is die begeertes en verlangens uitgedoof, afgekoel; hy het nirwana bereik en hoef nie wedergebore te word nie. Die self is afgelê om die nuwe ware self te vind. Nirwana word ook beskryf as vryheid, doodloosheid, perfekte reinheid, ander-wêrelds, onvergelyklik, onvoorwaardelik, hoogste toevlug, veiligheid en sekuriteit. Dit is ook die einde van wording (die einde van groei en verandering want die perfekte toestand is bereik): die doel van wese/syn is bereik. Nou is hy bevry van alle komplekse en obsessies, bekommernisse en probleme. Hy lewe nou volkome in die hede.

Wie die hoogste Boeddhawysheid bereik, is verhewe bo vreugde en leed, wysheid en dwaasheid, geboorte en dood. Hy geniet volkome gemoedsrus. Dit kan 'n langsame pad van toewyding wees. Hardy (1984:41) haal die gelykenis aan van die vyf pelgrims wat op die pelgrimstog vertrek het, die eerste het sonder versuim in die pad geval en onvermoeid gereis en die tog binne 'n maand afgelê, die volgende het dit rustiger gedoen en langer geneem, die stadigste het allerlei werk onderweg gedoen en die bestemming na tien jaar bereik. Wat egter van belang is, is dat elkeen die einddoel bereik het; dat elke mens dit volgens sy aard aanpak, maar dat almal op een of ander stadium nirwana bereik. Wanneer alle begeerte afgelê is, word 'n permanente toestand van nirwana bereik.

In die Sangha of monnikorde word die Dhamma of leerstellings verkondig deur veral die monnike wat hulle aan sekere reëls moet onderwerp, hulle wy hulle hele lewe aan die middelweg, mag slegs die eenvoudigste en noodsaaklikste besittings behou, en moet behalwe die vyf lewensvoorskrifte ook nog die volgende nakom:

mag nie na middagete weer eet nie;

mag nie aan sang en dansery meedoen nie;

mag nie grimering gebruik of juwele dra nie;

mag nie 'n hoë sagte bed hê nie en

mag geen geld nie en slegs voedsel van ander aanvaar.

Daar is ook agt bykomende reëls vir nonne wat veral daarop gemik is dat die nonne en monnike mekaar nie tot struikeling sou wees nie, en om die monnike se gesag oor die nonne te verseker.

Die kern van die Boeddhistiese leerstellings is dié van die Anatta (**an** wat die negatief aandui en **atman** wat self of siel beteken) dus beteken dit nie-/geen self of siel. Die bestaande en bewuste self moet eers verloor word voordat die ware self gevind kan word. Hierdie ware self, soos nirwana, kan nie beskryf word nie, maar slegs ervaar word.

Volgens King (1962:187) word die menslike wese deur die anatta-analise in vyf faktore (Khandas) verdeel:

a. **Rupa,** vorm of wese. Dit is die fisiese of materiële faktor in die menslike samestelling. Dis nie suiwer fisies nie omdat daar gereken word dat die gees (mind) ook 'n rupa het.

b. **Nama,** die geestelike (mental) of onmateriële faktore wat uit vier dele bestaan, naamlik:

**vedana** - gevoel, sensasie en emosie;

**sanna** - bewustheid, persepsie van "sense objects";

**sankhara** - geestelike (mental) formasies of elemente van die bewussyn in die algemeen (ongeveer vyftig) wat ontstaan uit die aktiwiteit van gevoel en bewusthede;

**vinnana** - bewustheid wat fundamenteel vir al drie die ander faktore is. Laasgenoemde verteenwoordig 'n dualisme, naamlik 'n bewustheid as gevolg van sintuiglike persepsies wat ons gewoon die bewuste (mind) noem en die onderbewuste.

King (1962:187) omskryf die Boeddhistiese self soos volg:

> **A self is a physical form, feeling, perception, mental formations, and consciousness, rather than something possessing these attributes and features. A human self is a physicomental event analyzable into the above factors. Second, and corollary, Buddhism considers this analysis absolute exhaustive. There is no self, soul or being over and above these factors, beyond them, behind them, or within them as a reality within mere appearances. The self is a connected and continuous flux of psycho-somatic elements that never remains the same for any two moments together.**

Alleen wanneer daar besef word dat die self leeg is van realiteit, kan die ketting van begeerte wat die mens aan die ewige ellende van die geboorte-en-dood siklus verbind, eers verbreek word.

**2.3.3.2 ZEN-BOEDDHISME**

Via Sjina het die Boeddhisme in die twaalfde eeu na Japan

versprei, maar in 'n nuwe gedaante, naamlik die Zen-Boeddhisme. Daar word vertel dat 'n dissipel van Boeddha sy leermeester genader het met die geskenk van 'n goue blom en die versoek om meer daaroor te leer. Gautama het die blom omhoog gehou en dit net in stilte betrag, met die les dat die geheim nie in woorde lê nie, maar in die diepsinnige kontemplasie van die blom self. Van hierdie insident word die leer van Zen afgelei wat as een van die edelste gestaltes van die Boeddhisme aangemerk staan. Die Zen-Boeddhisme is 'n laat (moderne) verskynsel.

Zazen is die beoefening van die Zen en beteken letterlik om te sit en mediteer: za kruisbeen te sit, en zen 'n algehele toespitsing. Dit word beoefen onder die leiding van 'n dôjô en verloop in drie fases, naamlik meditasie, morele skoling en ontwaking, verligting (illuminasie of satori). Dôgen wat dié vorm van Boeddhisme in 1227 vanuit Sjina na Japan ingevoer het, leer: zasen op sigself is satori. Breytenbach meen dit is dan waar die klem ook lê (1973:vii):

> **Jy word aangevuur om jou ware ritme te vind - die Zen-man haal vanuit sy hakskene asem - , om jouself te verláát, om jou Onbewuste Bewussyn oop te ruk, kortom, om te wees soos jy is.**

Die Zen-leer glo dat die verligting nie deur die studie van die skrifte of filosofie kom nie, maar deur die skielike ingewing wat tydens meditasie ontvang word. Eers na 'n lang en toegewyde meditasie en onbuigbare dissipline kan openbaring moontlik ondervind word. Hulle word deur 'n leermeester onderrig en dikwels van 'n koan of probleem voorsien waarvoor 'n oplossing

gevind moet word. Die Zen-Boeddhisme is dus nie 'n teorie nie, maar 'n bepaalde tegniek en optrede.

Dit is veral die mens se rustelose geaardheid wat hom noop om innerlike vrede te verlang. Volgens Enomiya-Lassalle (1967:11) verloop Zen in drie fases wat tot verligting (satori, kensho), dit wil sê tot die intuïsie van die essensiële moet lei. Om satori te definieer, is feitlik onmoontlik, want dit sou beteken dat 'n innerlike ervaring wat baie moeilik verwoordbaar is, vasgevang kan word in bekende en algemene konsepte.

Om Zen te beoefen, beteken definitiewe volgehoue meditatiewe voorskrifte wat gevolg moet word onder leiding van 'n dôjô, in 'n saal. Eers moet die korrekte posisie ingeneem word en die liggaam moet regop bly tydens die meditasie, terwyl met oop oë na 'n bepaalde plek gestaar word. Die meditasie begin met 'n paar diep asemhalingsoefeninge waar veral op die uitasem gekonsentreer word. Daarna word die romp 'n paar keer soos 'n pendule heen en weer geswaai voordat 'n statiese posisie ingeneem word. Om konsentrasie te bevorder, kan daar op die asemhaling gekonsentreer word.

Hierdie meditasie moet nie met die van die Rooms-Katolieke kerk verwar word nie. In daardie gevalle word daar op Christus en sy leerstellings gekonsentreer. Hierdie meditasie is 'n proses waarin daar gepoog word om die self leeg te maak, om dit te laat sterf. Meditasie kan bevorder word deur middel van 'n koan - 'n raaisel wat nie met logiese denke opgelos kan word nie, maar by die denke verby tot intuïsie. Hoe meer daaroor gedink word, hoe

onoplosbaarder lyk die probleem. Eers wanneer die ego sterf, kan die mens homself word en homself in sy volle wese deurgrond. Gedurende die eerste fase leer die mens selfbeheersing, maar het nog nie 'n benul wat satori is nie.

In die tweede fase is die geestelike kragte meer passief as in die eerste fase. Die beoefenaar beleef gewoonlik 'n onbekende ervaring, sien byvoorbeeld figure of neem geluide of stemme waar. Die rede daarvoor is skynbaar dat die normale geestelike aktiwiteite afneem en die onderbewuste begin oorneem (ma-kyo). Alhoewel dit nog nie satori is nie, is dit die weg daarheen. Hierdie toestand van die tweede fase duur voort nadat zazen verby is en dis of die mens meer gebalanseerd is en konsentrasie verbeter. Dis waarin die waarde vir kunstenaars dikwels geleë is. Die gees begin dus nou beheer oor die liggaam en die sintuie verky. Dis ook in hierdie stadium wat die mens tot bomenslike kragte in staat is omdat hy 'n vereniging met die kosmiese magte ervaar, maar dit word ten strengste afgekeur.

Die derde fase is die stadium van intuïsie of essensie in die ware sin. Dit voel of daar na 'n hoër lewe getrek word, sweet breek uit op die liggaam en alle kontraste word uitgewis: daar is geen verskil tussen ja en nee nie. Daar kan beweer word dat die gees onafhanklik van die liggaam word en die waarheid word ervaar soos die "siel" dit intuïtief beleef.

Alhoewel onbeskryflik, dig Enomiya-Lassalle (1967:34 - 39) tog die volgende eienskappe aan satori toe:

- dis absolute leegheid;
- essensieel onbeperk;
- 'n ervaring van die absolute en onbeperkte;
- 'n ervaring van eenheid met alle dinge: kosmies;
- 'n aktivering van 'n geestelike krag wat normaalweg in elkeen aanwesig is, maar tot op daardie stadium verborge en onbenut;
- sommige sê dis soos 'n diamant wat altyd daar was, maar eers geslyp moet word, nadat dit ontdek is, en
- skielike ontwaking.

Wanneer die beoefenaar van zazen gereed daarvoor is, kan satori momenteel deur 'n gebeure veroorsaak word, soos 'n donderslag of die stamp van 'n toon en 'n struikeling.

Die hele proses word deur Enomiya-Lassalle (1967:49 -50) met 'n verhaal van 'n boer wat sy verlore os gaan soek, geïllustreer.

1. Hy soek doelloos na sy os.
2. Per geluk ontdek hy spore van die os.
3. Daarna ontdek hy die os: dit beteken hy het 'n blik op homself. Dis nog nie satori nie, slegs 'n intuïsie wat bereik is.
4. Hy gryp die toom van die os. Om sover te kom, het baie moeite geverg. Die os is moedswillig en wil hom nie volg nie. Na die verwerwing van die intuïsie is al die onregeerbare magte en impulse nog nie dood nie. Die ego is nog nie honderd persent onder beheer nie, en die gees is nog nie vry nie.
5. Nou slaag die boer daarin om die os te lei. Geleidelik

kom die mens in beheer van homself, maar met groot moeite.

6. Wydsbeen ry die boer op die os terwyl hy 'n fluit met gemak bespeel. Hy het nou geslaag: hy hoef hom nie verder te bekommer nie, hy is verlig.
7. Die os is nie meer in sig nie; die boer is alleen. Hy sit tevrede voor sy huis. Die mens is in volkome ooreenstemming met sy ego. Hy verkeer in perfekte rustigheid en stilte, verlos van vroeëre probleme en bekommernisse.
8. Die prent is nou leeg. Daar is geen boer of os sigbaar nie, slegs 'n leë sirkel. Dit beteken dat alle teenstrydighede opgehef is. Nou is die mens nie eers meer in die posisie om te sê "ek het satori nie". Daar is nie meer 'n verskil tussen satori en nie-satori nie. Alles is een.
9. Die laaste twee prente verteenwoordig volle verligting. In hierdie prent is 'n blomtoneel. Buite die verligte persoon het niks verander nie. Die heuwel waar hy die os gevang het, is nog presies dieselfde. Alles waarvan hy hom met moeite losgemaak het, keer nou terug, maar in 'n nuwe lig.
10. Die boer gaan dorp toe en praat langs die pad met 'n man wat 'n bottel ryswyn en 'n mandjie vis dra. Hy moet nou met ander mense meng om hulle ook te help om die vryheid van verligting te ervaar.

Wat die self betref, leer die mens om homself met die idee van homself te identifiseer. Daarom is daar die subjektiewe gevoel dat die self 'n verstand (mind) het of, 'n innerlike geïsoleerde

voorwerp waarmee gebeure spontaan plaasvind. Zen toon aan dat die self slegs 'n idee is, nuttig en waar genoeg as dit aanvaar word soos dit werklik is, maar katastofaal as dit met die mens se ware aard geïdentifiseer word. 'n Blik op die ware aard hiervan kom dikwels tot uiting wanneer konflik ervaar word of wanneer daar 'n kontras is tussen ons idee van onsself aan die een kant en die onmiddellike gevoel van onsself aan die ander kant. Watts (1963:120) som dit soos volg op:

> When we are no longer identified with the idea of ourselves, the entire relationship between subject and object, knower and known, undergoes a sudden and revolutionary change. It becomes a real relationship, a mutuality in which the subject creates the object just as much as the object creates the subject. The knower no longer feels himself to be independant of the known; the experiencer no longer feels himself to stand apart from the experience. Consequently the whole notion of getting something "out" of life, of seeking something "from" experience becomes absurd....it becomes vividly clear that in concrete fact I have no other self than the totality of things of which I am aware.

### 2.3.3.3 TANTRIESE BOEDDHISME

Die groei in die Tantriese tradisie (vroeër Mantrayana) hou verband met die Yogaskool. Hier is Dharma ook die sentrum van die religieuse toepassing wat tot nirvana moet lei, maar dit gaan gepaard met rituele, inkantasies en magiese bedrywe waarin die vroulike vennote van die Boeddhas 'n baie prominente rol speel.

Vroue is deurgaans 'n eienskap van die religieuse tradisie van Oos-Indië. Die vennootskap tussen die manlike en vroulike transendentale wysheid het 'n soort seksuele simboliek in die Tantriese Boeddhisme gebring en het vroeër bedrywighede toegelaat wat die Christen met absolute weersin vervul het. Seksuele simboliek moes die gedagte van eenheid en dualiteit oordra en moes toon:

> **...oneness in the state of enlightment is the highest bliss**
> Ling(1968:246).

Dit lei tot erotiese rituele van die yogin en sy vroulike maat.

Lingam is die teken van alle mans en yoni die teken van alle vrouens. Omdat die twee geslagte vroeër 'n eenheid was, maar toe geskei is deur Brahma, is daar 'n voortdurende hunkering om hierdie eenheid te herstel. Hierdeur word die religie en die erotiese in verband met mekaar gebring. Die mens probeer in sy strewe om met die kosmiese siel te verenig deur middel van die erotiese rituele. Die yoni is verteenwoordigend van die primêre moeder waaruit alle lewe ontstaan . Dis sonder begin en sonder einde en groter as die heelal.

Soos die Zen-Boeddhis deur zazen strewe om satori te bereik, is dit by die Tantriese Boeddhis die begeerte om die nulpunt, die blanko oomblik te bereik waar alle grense vervloei en nirwana bereik word. Vanuit die buiteruimte word die mens se bineruimte verken. Dis die oomblik wanneer die tyd vervloei sodat nóú die ewigheid word waarin verlede, hede en toekoms een word, want tyd, soos ruimte, word opgehef.

Die Mantra, 'n geluid of reeks geluide word dikwels herhaal om die dissipel of die beoefenaar te help om nirwana te bereik. Volgens Khanna (1979:37) is die mantras nou gemoeid met die teorie van die ewige woord wat spraak terugvoer na die goddelike bron en toon aan dat die woord die basis van alles is. Dis die woordelement waaruit die kosmos gebore is, wat sy lewe behou en sosiale gemeenskaplike gedrag moontlik maak. Wanneer 'n inskripsie in die yantra gemaak word, lei dit terug na die metafisiese bron.

Yantras word beskou as kragdiagramme en toon die eenheid in verskeidenheid van die kosmos aan. Elke yantra het 'n sentrum, die Al, die Een, of die pêrel/juweel in die lotus vanwaar alle krag uitgaan, maar waarheen dit ook weer terugkeer. Die yantra is 'n religieuse teken wat ook as hulpmiddel dien in 'n basies georiënteerde stelsel en die mens help om sy eie sentrum tot ontwaking te laat kom.

Die kosmiese beweging is daarin geleë dat daar voortdurend evolusie en involusie in die kosmos plaasvind.

Die hoogste geestelike roeping van die beoefenaar is dus om die Een of die Al volledig te ervaar.

## 2.4 VOORLOPIGE SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is getrag om 'n onderskeid en ooreenstemming tussen religie en godsdiens aan te toon en om die godsdienstige konsepte toe te lig. Dit is opvallend dat die kunstenaar as individu, sowel as sosiale wese religieus betrek word in die

samelewing. Omdat die religieuse ervaring so 'n intieme saak is, is dit soms moeilik om dit oor te dra, veral as die godsdienstige standpunte van die digter (spreker) en die leser (hoorder) verskil.

Twee Christelike godsdienste se dogma en praktyk is van nader beskou. Dieselfde is ten opsigte van die Boeddhisme gedoen. Laasgenoemde word dikwels as 'n ervaring beskou, omdat daar nie direkte aanbidding is nie. 'n Mens sou die strewe na satori/ nirwana en die oefening om dit te bereik in 'n mate met die Rooms-Katolieke meditasie kon vergelyk, maar ook met die Christen se gebed. Daardeur word probeer om die gebrokenheid van die mens te heel.

'n Mens sou die verskil en verband tussen religie en godsdiens soos volg kon formuleer: religie is die instinktiewe uitreik na 'n hoër mag in die mens se lewe en die geloof of godsdiens is die mens se doelbewuste (selfs geprogrammeerde) uitreik na die godheid.